

Hoofstuk III

Die ontstaan en temas van prysgedigte

3.1 Inleiding

In die hoofstuk sal gepoog word om die tema en ontstaan van die prysgedig beter toe te lig.

Moloto (1970, p. 57) sê dat die dryfveer agter die hele gedagte van tradisionele poësie, wat dan vir die ontstaan en tema verantwoordelik is, is konflik. Net soos in 'n goeie drama is daar gewoonlik protoganiste en antagoniste. Die Tswana wat die dieptes van hulle eie siele ken het die spreekwoord "motho ga itsiwe, go itsiwe naga" - die mens kan nie geken (verstaan) word nie; die veld kan geken word.

In die verband sê Schonees en Van Bruggen (1937, p. 260) die mens word gevange gehou binne die perke van die werklike lewe. Buitekant hom is daar hoër magte waarmee hy telkens in botsing kom; binnekant is daar die tweespalt van sy verdeelde wil; en verder nog die stryd met die wil van ander mense wat hom dwarsboom.

Aangesien konflik dus 'n uitdaging bied, sal die uitdaging dus aanvaar word. Daarom sal die goeie teen die slegte gestel word, die patriot teen die saboteur en die noodlot teen die voorsienigheid. Teen die agtergrond moet die tema en ontstaan van die prysgedig dus gesien word.

Lestrade (1937, p. 295 en 296) beweer dat die komposisie van 'n prysgedig die hoogwatermerk van die Swartes se kuns is. Die prysgedig val tussen die verhalende epiek en die apostrofiese ode, synde 'n kombinasie van uitdrukingskuns en lofwaardige aanspreking of aanprysing.

Die tema en die ontstaan van 'n prysgedig is baie nou gebonde. In die prysgedig word eintlik gebeure geprys. Die gebeure moes eers afgehandel wees voordat dit geprys kon word. Daar moes byvoorbeeld eers geveg of gejag word voordat die dade wat in die handeling ontstaan het geprys word. Die ontstaan van die prysgedig was dan deels afhanklik van die daarstelling van prysenswaardige gebeure.

Uit die gebeure het dan ook die tema van die prysgedig gevloei; want juis die handeling wat geprys word, het dan die tema daargestel.

Andersyds word egter ook aangetref dat die tema reeds bestaan voordat daar geprys word, byvoorbeeld by die instelling van 'n kaptein, en nou moet daar 'n prysgedig ontstaan om die geleentheid te verheerlik.

Verder is daar nog die prysgedigte wat handel oor die onafhanklikheid van Bophuthatswana of oor die land self.

In die geval was die tema reeds daar, en moes die prysgedig nog sy ontstaan kry.

Die tema kan dus voor die ontstaan daar wees of die ontstaan kan voor die tema wees, of die tema en ontstaan kan gelyktydig daar wees, byvoorbeeld 'n handeling word geprys en die handeling is terselfdertyd die tema.

Die ontstaan van die prysgedig gaan ook veel dieper as wat uit bogenoemde blyk. Die Tswana het behalwe sy persoonsnaam of familienaam ook 'n prysnaam wat nou in verband staan met die stamnaam. Die stamnaam is gekoppel aan die totemdier wat elke stam het, so heet Batlhaping byvoorbeeld Tlhapi na aanleiding van die totem, die vis, en die Bakwena, Kwena na aanleiding van hulle totem die krokodil.

Volgens Breed (1956, p. 35) word persone op die name aangespreek en 'n naam wat hoog op prys gestel word, deur die lid van die stam.

Bowra (1952, p. 105) is die mening toegedaan dat prysgedigte ontstaan, gedy en hulle temas verkry in die geleentheid van die lewe, waarin daar immer 'n uitdaging is aan die eer van manne. Hy noem 'n paar van die geleentheid.

- a) oorloë, veldslae en skermutselings
- b) aanraking met wilde diere, byvoorbeeld jagtogte
- c) strooptogte, byvoorbeeld die roof van beeste
- d) gevaar wat dreig, ten opsigte van menslike lewens, besittings, ens.

Die daad en handeling moet pas by die omstandighede en moet prysenswaardig wees voordat dit die tema of ontstaan van die prysgedig kan regverdig. As daar byvoorbeeld oorlog gevoer word met, byvoorbeeld vliegtuie en kanonne, en byvoorbeeld 'n leeujaag met 'n kragtige geweer vanuit die beskutting van 'n voertuig, kan dit nouliks stof bied vir die komposisie van 'n prysgedig.

As egter gedink word aan die tradisie van die Tswana waar geveg en gejag is met kiere, assegaai en skildvel, en waar die fisiese kontak so nou was, hetsy tussen mens en mens of mens en dier, is dit te verstaan dat sulke handeling meer prysenswaardig sal wees as gewone, en minder daadwerklike handeling. Die persoon wat geprys word is immers aktief betrokke by die handeling. Sy kennis, spierkrag, fiksheid, vlugvoetigheid, uithouvermoë en dapperheid gee voldoende stof vir lofwaardige aanprysing aldus Kunene (1971, p.4).

3.2 Prysgedigte van en oor Inisiantse

Die ontstaan van die prysgedig moet ook gesoek word by die inisiasieskole vir die seuns, "bogwera", want voordat die Westerse Beskawing posgevat het onder die Sothosprekende volke het alle seuns op 'n redelike jeugdige ouderdom tussen die jare tien en veertien, volgens Schapera (1965, p. 3) en Guma (1967, p. 133), na die inisiasieskole gegaan, waarvandaan hulle na plus minus drie maande as volwaardige jongmanne "makolwane" teruggekeer het.

Vir die inisiasieseremonie het die kaptein 'n vergadering "pitso" belê en alle seuns wat 'n leeftydsgroep "mophato" vorm, is dan aangesê om na die inisiasieskool te gaan. Hier bly die seuns dan die genoemde tydperk, waar hulle onder andere besny word, die stamwette en -gebruike leer, op jagtogte geneem en oor die algemeen ingelyf word in die wêreld van die volwassene.

By die skool het hulle prysgedigte oor hulle self, hulle familie, stam en hul kaptein gekomponeer en voorgedra. Wat veral van belang was, was om vir homself 'n naam te gee, waaronder hy bekend sal staan as hy die dag as jongman na die gewone samelewing terugkeer. Die Tswana noem dit "go ipoka leina".

Aan die einde van die tydperk word die inisiantse deur die kaptein ontslaan. Daarna het almal na die stam se vergaderplek gegaan waar hulle hulle self moes voorstel aan die aanwesiges onder hulle eie name, omdat hulle nou nuwe status verkry het. Die voorstelling het deur middel van 'n prysgedig gebeur.

Die status het 'n verdere omvang gekry, sodra die kaptein hulle as 'n leeftydsgroep "mophato" 'gedoop' het. Die leeftydsgroep het dan 'n naam ontvang wat meestal afgelei was van alledaagse gebeure, byvoorbeeld "Baletamotse," (Die wagters van die stat), "Batlhabakgomo" (Die Beesslagters) en "Baagintlo" (Die Huisbouers) (Schapera: 1965, p. 2-4).

Om so 'n lid van 'n leeftydsgroep op die groepnaam aan te spreek, is gereken as 'n baie groot eer. Dit was baie beleefd en vleierend en die groepnaam het aanleiding gegee tot die tema van baie prysgedigte, en die groepe se optredes en handelingte het prysgedigte tot ontstaan gehad.

Om roem te verwerf is die groep dan gestuur op 'n jagtog of strooptog en was die geleentheid daar om uit te blink en roem te verwerf en die geleentheid gekry om sy prysnaam wat hy reeds het, uit te brei. Die een wat 'n mens of 'n wildedier doodmaak, sal die gebeurtenis insluit in sy prysgedig oor homself, of kan deur sy tydgenote vereer word, wat 'n prysgedig aan hom opdra en spesifieke handelingte daarin vermeld.

Daarom is dit so moeilik vir die oningeligte om iets te verstaan van die tipe prysgedigte, aangesien die groep so 'n geslote eenheid was.

By die inisiasieskool het die lede van die skool elkeen sy eie prysgedig gekomponeer. Die swakker kandidate is gehelp deur hulle oppasser en voorganger "mogokgo" of "kgajane". Die hoofdoel van die prysgedigte was om aan homself 'n naam te gee waaronder hy in die latere lewe bekend sal staan.

Die soorte name wat hul hulself gegee het, was talryk en van 'n wyse verskeidenheid. Die meeste is gevorm in die le-ma-klas, byvoorbeeld-

1. "Lentsa-Mantsa" - Hond-Honde, en
2. "Lenonyane-Manonyane" - Voël-Voëls.

Baie is ook in die mo-ba-klas, byvoorbeeld-

3. "Molomathotse-Balomathotse" - Die pit byter-
Die pit byters, en
4. "Mokgekgethisi-Bakgekgethisi" - Die Kieser-
Die Kiesers.

Die prysgedig, wat dan na die terugkeer na die samelewing, voorgedra is, het gewoonlik begin met die nuwe naam wat hy aan homself gegee het, byvoorbeeld -

Tshetlha, e kile ya'a ga motseng wa ga Lesewe
ka go leka ditlhare bothito.

Die Vale, het eenkeer na die stat van Lesewe gegaan.
en die hitte van die bome beproef.

(Bylae A, no. 21).

As die jongman sy prysgedig voordra, is dit eintlik gebasseer op verbeelding, en omdat hy homself prys, is die prysgedig nie gebasseer op feite nie, maar op verbeeldingsvlugte en drome.

Die jongman kan egter ook besondere hoedanig-
hede aan homself toedig, byvoorbeeld homself in 'n goeie
lig stel, sy gelaatstrekke bespreek en hom vereen-
selwig met diere, byvoorbeeld die voorbeeld van Guma
(1967, p. 137).

Lefeta kgelekgetha o ye tlase
O yo'o bona dintlwana meemo
O yo'o bone metshwana methepa
Lefeta loop en gaan na onder
om te sien (die stand) hoe staan die huisies
en sien die meisies met die donker gelaats-
kleur.

asook die volgende voorbeeld (Bylae A, no. 9.).

Ke monkgwe ke mogwasipa,
ke mmala wa dibatana tsotlhe;
le bokgaga ke ba apere.
Ek is vaal, ek is donkervaal,
ek het die kleur van al die roofdiere;
ek het ook itermagô-velle aangetrek.

Omdat die seuns gedurende die tydperk naby die natuur gelewe het, het diere, voëls, plante, ensovoorts, 'n belangrike plek beklee as temas van hulle prysgedigte, byvoorbeeld die voorbeeld van Guma (1967, p. 142);

Nonyana e mebale moholodi
e pudutswana, hlooho e sa tsofale
Die veelkleurige voël, die bloureier
Die blouerige gryse wat nie oud word nie, (wat se kop
nie oud word nie).

Die prysgedigte het ook gedien as, en was 'n aanmoediging vir aksie en handeling en die daarstelling van ambisies. 'n Jongman se beloftes en ambisies, net na die inisiasieskool, en die vermelding van toekomstige heldedade het gedien om hom later daarna te laat streef en die vooruitbespiegeling te bewaarheid.

Die naamgewing van die seuns vir hulself was baie belangrik, en die regte naam moes gekies word, want die naam moes pas by die persoon en 'n naam wat nie gepas het nie was 'n meulsteen om die eienaar daarvan, se nek. Volgens Seboni (1976, p. 102) het die Tswana 'n spreekwoord in dié verband, naamlik.

"'Ina lebe seromo" wat beteken, 'n lelike naam laat die eienaar daarvan, daarna aard.

Die inisiasieseremonies het byna heeltemal verdwyn, slegs 'n paar stamme beoefen nog die seremonie, maar wat definitief in onbruik geraak het, is die naamgewing deur middel van prysgedigte. Hiermee het die Tswana 'n kultuurskat verloor. Die prysgedigte was nie juis van hoogstaande gehalte nie, maar het 'n persoon 'n eie identiteit in die stamlewe gegee, met die naam van hom asook sy leeftydgroepnaam. Die grootste tragedie is dat die Tswana nie meer van jongs af geskool word in die komponering van prysgedigte nie, en voorbeelde is vandag byna onbekombaar van die tipe prysgedigte.

Die ontstaan en temas van prysgedigte het hier 'n gevoelige knou gekry wat in toekomstige tye 'n groot leemte gaan laat.

3.3 Prysgedigte oor Diere

In Tswana bestaan daar baie prysgedigte oor diere, mak sowel as wild, omdat die Tswana tradisioneel baie na aan diere beweeg het en by die dier se omgewing moes aanpas. Dit was dan ook 'n groot bron vir die ontstaan en tema van die prysgedig.

Die fyn waarnemingsvermoë van die handeling, geaardheid en wreedheid van die leeu word opgemerk in die volgende voorbeeld. (Bylae A, no. 12).

tau ya sekgwa sa Mogologaadikwe.
Ga e a ema, e purutlela motho,
ya tshwara motho,
ya mo ja mediêpê,
ya mo tlogela a sena go athama,
ya mo tlogela a kaname,
ya hula a bile a letse 'roko jwa malalla ruri.

die leeu van die Mogologaadikwebos.

Hy het nie net gestaan nie, hy bespring 'n mens,

hy gryp toe 'n mens,

hy het hom toe verskriklik verskeur (flenters geskeur)

hy het hom gelos toe hy reeds gegaap het,

hy het hom gelos toe hy op sy rug lê.

Die Tswana se aanpasbaarheid by sy omgewing het berus op die eiemaking van die karaktertrekke (kwaliteite) wat hulle gesien het in hulle vyande, dier of mens; kwaliteite met vernietigende potensiaal, en dit toegepas op hulle self en in hulle prysgedigte. Vandaar die vele vermeldings van diere in die Tswanaprysgedig.

As 'n kryger of 'n jagter die diere bekyk het, het hy hulle krag, spoed, slinksheid, dapperheid en akkuraatheid bewonder. Hulle het opgemerk hoe die leeu se gebrul, vrees in die harte van sy vyande bring. Hy het die kwaliteite gesien en vir homself begeer. Net soos hy die wilde diere gevrees het vir sy lewe, so het hy gewens om dieselfde invloed op sy vyande uit te oefen, en om daardie rede begeer hy byvoorbeeld om soos 'n leeu te wees, en hieruit het baie prysgedigte ontstaan met die dier as tema. (Bylae A, no. 2).

ke tau ya botshekega; sekometsabatho

e ntse ke meno masweu bophala-phala,

kana e ka go loma fela

go ka se ka ga re sepe.

dit is die leeu van die weste; die mensvreter

hy met wit tande wat skitter,

want hy kan jou byt

en niks sal gesê word nie (niks sal gedoen word nie).

Dit kan verder waargeneem word in die stamname of totemdiere wat die stamme vir hulleself aaneem het, byvoorbeeld leeu, krokodil, ensovoorts. Dit is opsigtelik dat hier 'n algehele identifikasie van die dier met die persoon is, sodat die prysgedig oor sy stam, ook die prysgedig is vir die totemdier wat hy bewonder en waarmee hy geïdentifiseer is. Dit is 'n goeie voorbeeld van metafoor waarin die kwaliteite en karaktertrekke van die dier net so van toepassing gemaak word op die persoon. (Bylae A, no. 12).

Tshwene e letse e thobile bosigo.

Tshwene e kile ya thoba, Morolong,
ya thobela Babinatshipi ba letse.

'n Bobbejaan (totemdier van die Bahurutshe)
het verlede nag ontsnap.

'n Bobbejaan (totemdier van die Bahurutshe) het eenkeer
ontsnap, Morolong,
hy het ontsnap toe die mense nog slaap.

Prysgedigte oor beeste of waar die bees vermeld word in die prysgedig is volop. Dit is teweeggebring deur die Tswana se tradisionele afhanklikheid van die bees vir die meeste van sy lewensbehoefte.

Die os is gebruik as rydier, vegdier of pakkier en die bul is geprys vir sy manlikheid, viriliteit, dapperheid, vrugbaarheid, vorm van sy horings, sy gebrul, ensovoorts (Bylae A, no. 2).

E'naka di telle ya ga Sebogodi,
e tlhaba e tsutsubanya sefathlogo.

Naka tsa gagwe tsa re tsitsibanya mmele
di ditshibidu di fitlha mo mesetseng.

Die een met die lang horings, van Sebogodi,
hy stoot terwyl sy gesig geplooid is.

Sy horings het ons skrikgemaak;
hulle is rooi tot by die basis.

Die koei word geprys vir haar vrugbaarheid, moederskap en melk. Enige onnatuurlikheid as daar met haar gewerk of gemelk word, byvoorbeeld wildheid, skoppery, stotery of springery, word gepersonifiseer en vermeld in die prysgedig. (Bylae A, no. 15).

Maphotlokwe, kgwebana o a raga,
o nthagile ba tlhako ya morago,
ya pele ya itsemeletsa go raga.
Maphotlokwe, gryse sy skop,
sy het my met die agterpoot geskop,
die voorpoot was te lui om te skop.

of die volgende voorbeeld (Bylae A, no. 17).

Garenate, moditi, modutla-mashi!
A re a gangwa, tshetlha di bolole
di ye go tshela ka tibogo ya kwena,
tibogo le mokokolasa o thata,
ga ke le thibotsa mabotlanyana,
le tshedisa dinamane tsa magatelo.
Granaat, jou mooi ding, jou goeie melkkoei!
As sy gemelk word, word die vales gewoonlik uitgekeer
en gaan gewoonlik deur die drif van die krokodil,
die drif en lamsiekte is moeilik (erg)
as ek die speenkalwers daarvandaan wegkeer,
dan laat dit die suipkalwers deurgaan.

of die volgende voorbeeld (Bylae A, no. 19).

Nkgonne o rile ke game kgwaana.
Ka re ke game sekwere?
Sekwere se gangwa ke mogolo 'a motho,
mmotlana a se beletse namane
a re thwaa-thwaa kwa sakaneng.
My ouer broer het gesê ek moet die gryse melk.
Ek vra moet ek die wilde een melk?
Die wilde een wat deur jou ouer broer gemelk,
terwyl die jonger broer die kalf hokslaan
hy slaan klap-klap daar by die kraal.

Die volgende voorbeeld van Guma (1967, p. 147) is waar 'n trotse eienaar sy hond of sy perd prys.

Ntja ya Ramatla, kgunong
Mohlote motsho-motsho
le tswang tlase, Matebeleng.
Ramatla se hond (die) bruine
met die pikswart bek
wat kom van die land van die Matebelies.

3.4 Prysgedigte oor Troues

Die trouseremonie is net soos by baie ander volke, by die Tswana 'n heugelike gebeurtenis. Die troue het dan ook 'n deel bygedra tot die ontstaan en die tema van die prysgedig.

By die troue is nie juis handeling teenwoordig wat geprys word nie, maar eerder die geleentheid. Die tipe prysgedig wat by die geleentheid voorgedra word is ook nie so dramaties as dié oor byvoorbeeld kapteins nie, en die ligtere sy kan opgemerk word by dié prysgedigte.

Gedurende die huwelikseremonie sal van die gaste, waaronder prysdigters sal wees, die bruidspaar prys. Die paar sal moontlik nog jonk wees en sal nie prys=enswaardige daade tot hulle krediet hê nie, maar met dié geleentheid is hulle besig om so 'n daad te doen.

Die digter sal dan eers die bruidegom prys, beginnende by sy voorouers wat roemryk was en al sy familie inreken tot by die hede. Hulle daade sal geprys word en die voorvadergeeste sal gevra word om die seremonie te seën en die paar by te staan in die toekoms. Die bruidegom sal dan persoonlik aan die beurt kom, hy sal geprys word vir die daad wat hy doen, wat hom nou kenmerk as 'n volwassene. In die prysgedig sal hy raad kry wat om te doen in sy nuwe hoedanigheid, hoe hy sy vrou moet behandel, ens.

Hy sal ook geprys word vir die mooi dogter wat hy vir sy ouers huis toe bring, en as die bruidegom 'n man is wat in sy latere lewe weer geprys sal word in 'n ander hoedanigheid, dan sal dele van die prysgedig wat op die geleentheid aan hom gerig is, ook weer herhaal word.

Dan sal die bruid aan die beurt kom. Sy sal nie direk geprys word nie, maar ook haar voorouers en familie word geprys. Sy sal slegs vermaan word om 'n goeie vrou vir haar man te wees, hom onderdanig te wees en hom te versorg.

So sal die een na die ander prysdigter 'n prysgedig aan die bruidspaar opdra, min of meer op dieselfde lees geskoei.

Die groot rede hoekom die bruidspaar se voorouers en familie geprys word is om die bruidspaar aan die aanwesiges voor te stel, sodat hulle geken kan word "ba itsege".

3.5 Prysgedigte oor Heroïse Figure

Kunene (1971, p. xvi) sê dat die heroïse figure wat onder die Sothosprekende volke geprys word, nie verwar moet word met die klassieke Europese helde nie. Die heroïse figure is nie bonatuurlike wesens nie, hulle is ook nie gode of afstammelinge van gode nie. Hulle het geen bonatuurlike magte nie, en hulle veg ook nie teen mitologiese diere soos drake, monsters en demone nie. Hulle avonture is beperk tot die algemene en is nie bonatuurlik nie. Hulle is gewone mense met menslike handeling. Dit is egter die prysdigter wat in sy verbeelding die heroïse figure se handeling verhef tot die bonatuurlike, en die 'held' laat veg teen monsters en self 'n monster laat word of een of ander vreeslike ondiër wat sy teenstander verdelg. Dit het geen ander vorm as bloot figuurlik nie.

Die term heroïes word hier beperkend gebruik, wat slegs verwys na heldedade in die geskiedenis van 'n man se stryd om te bestaan en in die strewe na eer.

Kunene (1971, p. 1) is ook van mening dat die prysgedigte oor kapteins en soldate wat suksesvol was in die geveg of jagtog of strooptog wat deur hulleself of vir hulle gekomponeer word, die hoogste vorm is van mondelingse voordraging van die Sothosprekende volke se tradisionele poësie, wat gebring word aan die uitstaande lede van die gemeenskap.

Guma (1967, p. 158), Schapera (1965, p. 2-6) en Kunene (1971, p. 15) is dit eens dat wanneer soldate, kapteins of jagers hulleself prys, nadat 'n veldslag of jagtog gelewer is, of wanneer die regimente of leeftydsgroepe vir 'n geveg of 'n publieke seremonie byeen is, word die prysgedigte, wat hier ontstaan, en met die karakters as tema, op 'n hoë stemtoon voorgedra. Dit is so luid gedoen sodat die aanwesiges almal kon hoor en dat die een wat homself prys, se makkers kan instaan vir die waarheid van die narrasie of kan byvoeg en inlas.

Hy vermeld heel eerste sy naam, sodat hy hom kan voorstel aan die aanwesiges. Dit kan of sy eie naam wees, of die naam wat hy homself gegee het gedurende die inisiasie, of die prysname wat hy al voorheen verwerk het. As die kaptein se prysdigter "mmôki" hom prys, geskied dit op dieselfde wyse. (Bylae A, no. 2).

Khunou ya mafula a'a theetsa, dumela,
dumela notshe e tona, lellakoma
dumela, tshetlha ya maralla-thota.
Dagsê, Rooie, wat luisterende wei,
dagsê groot by, hommely
dagsê, vale, wat op die heuwels ronddwaal.

So ook die volgende voorbeeld (Bylae A, no. 22).

Thamaga mo sakeng di a thulana,
di a thulana, di a ferefetshega.
Die groues in die kraal stoot mekaar,
hulle stoot mekaar, hulle pla mekaar.

en ook nog (Bylae A, no. 12).

Rramadigane o diga ditlhare,
motho o diga malubu le maoka.
Omgooier wat bome omgooi,
hy gooi wilger en soetdoringbome om.

Sy name word gewoonlik gevolg deur die name van sy voorvaders, vriende, bondgenote, vyande, aantal suksesse in gevegte en landstreke waardeur hy gereis het, of in geveg het.

Die naam word aldus uitgebrei en al meer en meer inligting word bygevoeg en bekend gemaak, soveel so dat dit 'n karakterbeskrywing in breë trekke word en dit vir die hoorders oorgelaat word om die leemtes in te vul.

'n Ander aspek gekoppel aan die naam is dat die een wat homself prys of geprys word, vereenselwig word met allerlei gevaarlike diere, weerlig, water, son, ensovoorts (Schapera: 1965, p. 201).

Tau e sale e lala e omana le tlou
erile bo sa, ya perephetsa tlou
ya e thulega ya leba Sesabane
kwa maropeng a ga Rramokopole.
Die leeu het die hele nag met die olifant
baklei (geraas)
teen dagbreek het hy die olifant verdryf
verdryf na Seshanane
na die ruïnes van Ramokopole.

en ook die volgende (Bylae A, no. 21).

Ya utlwa lonko lwa monkgo wa mosate, Mmabatho
ya tshema-tshema, ya sasamala,
ya kgeloga Moeding,
ya tatamala, ya ralala Huhudi,
ya tsatsanka, ya kgabaganya Madibe.
Hy het toe die reuk van die hoofstad, Mmabatho, geruik
hy het toe gedrafstap, en reguit koers gekies,
hy het toe deur Moeding (Tierkloof) gegaan,
hy het toe regdeur Huhudi (Vryburg) gegaan,
hy het toe vasgetrap en oor die Madiberivier gegaan.

In die prysgedig oor kapteins en ander heroïse figure, word baie geskiedenis aangetref. Dit is dus 'n gesaghebbende verslag van die volk se hoogte- en laagtepunte. Veral by selfprys, waar die voordrag van die prysgedig voor makkers en tydgenote geskied het, is daar sorg gedra dat die inligting in die prysgedigte vervat, waar en juis was.

As sulks is dit geskiedenis wat van die een geslag na die ander oorgedra word en wat onthou word en vandag nog voortleef. Die prysgedigte is 'n waardevolle bron vir geskiedskrywing oor die Tswana, en vir die beoefenaars van die Historiese benaderingswyse.

Vir die verstaan van die ouer prysgedigte se dieperliggende betekenis, is 'n baie goeie agtergrondkennis nodig van die betrokke stam. Veral waar die oorspronklike kunstenaar of van sy tydgenote nie meer lewe om sekere dele daarvan te verklaar nie.

In die verband word gekyk na 'n voorbeeld van Schapera (1965, p. 79):

ere babinatlou ba itumele
o tiise Botlhangwane mekokotlo
ba itse ge ba tla ya disêlêlê
Disêlêlê e le nama tsa melala
mme a ko o thule, o thule gape

o tiise Babinakgabo morota.
laat hulle wat die olifant (dans) as totem
het, hulle verbly
bemoedig Tlhongwane en sy mense
laat weet hulle, hulle sal taai stukke vleis
eet
taai stukke vleis van die nek
maar jy moet slaan, en weer slaan
om die wat die aap (dans) as totem het te
bemoedig.

In die tweede versreël is Tlhongwane, die afstammeling van Mothulwe, wat die kaptein van die Tlhokwastam was. In die vierde versreël word gevind dat Lentswe, wat 'n suster se seun was, van die koninklike Tlhokwafamilie van hom verwag was om as broer aan moederskant "malome", elke keer as hy slag, die kop en die nek van die bees te stuur, aan sy moeder se mense, soos die gewoonte was. Die laaste versreël verwys na die Kgatla wat die aap as totemdier het.

Die komposisie van prysgedigte was volgens Finnegan (1970, p. 139), tradisioneel 'n doelbewuste en algemene aktiwiteit. Van alle mans was verwag om 'n prysgedig te kan komponeer en die kennis was veral opgedoen by die inisiasieskole.

Die prysgedigte oor vroeëre kapteins is van geslag tot geslag oorgedra, deur die persone van die kaptein se huishouding en ook die prysdigter wie se taak dit was om die kaptein by sekere geleenthede te prys. Alhoewel prysgedigte van lank gelede op die manier behoue gebly het, het dit wat oorgebly het, gevarieer van persoon tot persoon.

Opnames het getoon dat by die voordrag van die prysgedig van 'n sekere persoon, deur ander, daar verskille was, insoverre die orde van die versreëls verskil het, asook die woordorde in die versreëls, en ook die lengte van die prysgedig.

'n Groot oorsaak hiervan was dat die kuns mondeling oorgedra was, asook die ongebonde vorm. Verandering is baie maklik gemaak, as gevolg van die ongebondenheid, deur sekere dele weg te laat sonder om die basiese gedagte of tema te verander.

Baie prysgedigte van vroeëre kapteins is dus baie korter as van kapteins wat later gelewe het. Die kapteins wat tans lewe, se prysgedigte se lengte is onbeperk, as gevolg van die verlenging en aanvoegings wat gereeld gemaak word.

Schapera (1965, p. 45 en 96) kan in sy optekening van Tswana prysgedigte, net twee versreëls opspoor wat behoue gebly het van Kgwefane wat oor die Kgatlastam regeer het in die jare 1760-1770, en dat hy 94 versreëls kan opteken van 'n meer hedendaagse kaptein, Ramono, wat oor die Kgatlastam regeer het van 1903 tot 1917.

Die latere prysdigter het wanneer hy vroeëre prysgedigte voordra, die prysgedig verander, deur sekere dele weg te laat of te vervang met ander gedeeltes, veral as daar argaïese woorde of onverklaarbare metafore in voorgekom het.

Deesdae het kort prysgedigte ook op die ingewing van die oomblik hul ontstaan gekry, byvoorbeeld vir die aankoms van vername gaste. Die prysgedig kan dan later as dit beroemd en bemind geraak het by 'n bestaande prysgedig gevoeg word wat min of meer dieselfde tema het.

By die Tswana is dit gebruikelik dat die oorspronklike prysgedig die besitting van sy eienaar of "mmôki" bly en tot sy dood toe nie deur ander prysdigter "baôki" in die openbaar voorgedra mag

word nie, Schapera (1965, p. 6), Kunene (1971, p. 156) en Abraham (1971, p. 18) is almal die mening toegedaan.

Na sy dood, kan die prysgedigte wel oorgeneem word deur ander, maar dan moet die oorspronklike digter se naam vermeld word, as sy prysgedig gebruik word. In die verband kan Bylae 1, no. 22 vergelyk word met die van Schapera (1965, p. 132).

Selfprys het vroeër redelik algemeen voorgekom, veral onder soldate en jagers, maar word deesdae nie meer baie aangetref nie. Later sal hieroor meer gesê word. Die algemeenste egter en wat vandag in 'n gewysigde vorm aangetref word (Guma : 1967, p. 141), is waar die kaptein en sy voorvaders geprys is deur die prysdigter wat aan die kaptein se huishouding verbonde was. Die kunstenaars was deel van die kaptein se huishouding, en hulle taak was, die versameling van prysname, oorwinnings, handeling en karaktertrekke van die kaptein waaraan hulle verbonde was. Die toestand het geheers tot ongeveer 1920 (Grant : 1927, p. 102), maar daarna is die werk gedoen deur prysdigters sonder enige verbondenheid. In Hoofstuk 4 sal meer hieroor gesê word.

Die ontstaan en tema van die prysgedig, het ook beslag gekry in die militêre tradisie van die Tswana, tesame met die kompetisie in gevegte, jagtogte of die mededinging tussen lede van dieselfde leeftydsgroepe vir die guns of aandag van die kaptein. Die drang om roem en eer te verwerf was altyd aanwesig, nie net vir die huidige nie, maar ook vir ná die dood, want in prysgedigte word die dooies in herinnering gehou en by die voorvaders gegroep. In gemeenskappe waar geboortereg en status so belangrik is, het die prysgedig die waardes goed behoue laat bly.

Die voordrag van 'n prysgedig aan 'n kaptein en die vermelding daarin van sy voorvaders (Guma : 1967, p. 140) het die doel gedien om aan die hoorders te toon of te bevestig; die kaptein se reg om sy posisie te beklee deur sy afkoms of geboortereg van juis daardie voorvaders wat saam met hom geprys word, en deur sy eie dae en hoedanighede wat so hoog aangeskrewe word in die prysgedig.

In dieselfde prysgedig kan voorkom: prys, verering (Guma : 1967, p. 18 en Breed : 1956, p. 36) sowel as berisping, kritiek en sarkasme (Schapera : 1965, p. 33, Finnegan : 1977, p. 142, Breed : 1956, p. 43), om byvoorbeeld die kaptein aan te moedig tot verbetering. Op die wyse het die prysgedig kontrole oor die regeerder uitgeoefen en ook sy posisie gehandhaaf, byvoorbeeld (Bylae A, no. 4).

Etsa Kgosi Manyane le Sebogodi
ge ba ne ba nisa pula maloba.
Megobe e tlala bophala-phala.
Basadi ba e gella thoko le gare.
Maak soos Kaptein Manyane en Sebogodi
toe hulle dit nou die dag laat reën het,
Die reënwaterpanne het blinkvol geword.
Die vrouens het aan sy kante en in die middel geskep.

en ook die volgende voorbeeld (Bylae A, no. 9).

a rekile a ja borotho jwa tiki.
Tautona o jele rantlhasi
le bana ba sekolo maloba.
terwyl hy 'n tienie se brood gekoop en geëet het.
Die President het ongesuurde brood geëet
saam met die skoolkinders nou die dag.

asook uit dieselfde prysgedig -

ntwa e etla kwa Mafikeng.
mme kwa Mafikeng go ikagetswe fela.
Go nowa khadi le bojalwa jwa Sekgowa.
die geveg kom na Mafikeng.
maar by Mafikeng is alles vreedzaam,
Daar word bier en sterk drank gedrink (skokiaan).

Die prysgedig was nie net om te prys nie, maar het ook die doel gehad om meer mag en posisie te verkry. Die verkryging en versameling van prysname was om meer guns en gewildheid te verkry, en om jouself bekend te stel, selfs buite die stamgrense. Dit was ook 'n manier vir 'n soldaat of kryger om hom aan die kaptein voor te stel vir beloning of bevordering.

Deur prysgedigte en prysname is iemand ondersteun, en 'n man se invloed was in verhouding met sy prysgedigte en prysname en hoe meer so 'n persoon presteer het op die slagveld, jagtog of stamvergaderings en -werke, hoe meer en beter was die prysname aan hom gegee of die prysgedigte, waarin die name vervat is, aan hom opgedra.

'n Jong kaptein wat die leierskap oorneem, en wie se regering nog voorlê, kan aangespoor word tot aksie en handeling, deur sy kennis dat die prysdigter hom kan prys, blameer of kritiseer (Bylae A, no. 4).

Heela! mosimanyana k'wena o yang gae
ema foo nte ke tle ke go laele;
o ye o ree banna ba tswe mo go hupeng.
Ba tle go bona bothakga.
Haai! jy seuntjie wat huis toe gaan
staan daar dat ek vir jou 'n boodskap gee;
gaan en sê vir die mans hulle moet die drank
laat staan.
Laat hulle kom en mooi dinge sien.

Die prysgedig kan dus 'n man in sy jeug herinner aan sy beloftes; in volwassenheid lewer die prysgedig bewys van sy dade en ambisies, en in die grysheid, kan hy die avonture, en dit wat hy bereik het, oordink. Na sy dood bly die prysgedig oor as 'n monument, 'n inspirasie en besieling vir sy vriende en volgelinge en 'n verdienstelike herdenking om sy naam as voorvader te verewig, byvoorbeeld die volgende fragment van Senosi se prysgedig vir Kaptein Moiloa, van Bophuthatswana. (Bylae A, no. 11).

Ditshaba di ntse di ja digoneri,
ditshaba di kwa ntle le mookodi.
Ngwana wa kgosi o tla ntle.
O tla tshweu morwa Sebogodi.
Die stamme kry baie swaar,
die stamme is buite in die koue.
Die kapteinskind kom mooi reg.
Hy kom goed reg, die seun van Sebogodi.

of die prysgedig van Manyeneng oor Mnr. Molatlhwa, Minister van Buitelandse Sake, Bophuthatswana, (Bylae A, no. 21).

Motho mokhutswane, o kgatlhile Basotho pele,
a ba kgatlha ka bokhutswane le bosetlha;
ka bokgabana le tholwana ya maratwa a lejwa.
A nyalela Basotho a sa itse go apara kobo.
Die korte het eers die Sotho's verbly,
hy het hulle beïndruk met sy kortheid en sy ligte kleur
met mooimaakgoed en 'n vrug wat mooi is om na te kyk.
Hy het onder die Sotho's getrou, al het hy nie geweet
om 'n kombes te dra nie.

Voorts druk die prysgedig trots uit, wat die tema het, die besitting van beeste, familiebande (Finnegan : 1977, p. 146) stamlidmaatskap (Abraham : 1971, p. 18) en veral dit wat bereik kan word in die oorlog. Dit was veral die oorlog wat die mense vervul het met trots en emosie oor hulle eie, en hulle vriende se suksesse, maar bowenal, dié oor hulle kapteins, konings en ander leiers. Die herinnering aan sulke suksesse het die prysdigter se gemoed gevul met emosie, opgewondenheid, vreugde (Abraham : 1971, p. 18) en gemeng met smart, wat hoorbaar was wanneer so 'n prysgedig voorgedra is.

Die prysgedigte oor heroïse figure is van hoogstaande gehalte. Dit troon uit bo ander prysgedigte met ander temas, byvoorbeeld oor beeste, troues, stamaangeleenthede, ens. Breed (1956, p. 37) stel dit baie duidelik as hy sê: "Die handeling kristalliseer om een sentrale gebeurtenis of heroïse figuur en word tot in die fynste besonderhede vertellenderwys weegegee. Die held is die spil waarom alles draai en om hom word al die bykomstighede van gebeurtenisse en persone gegroepeer."

3.6 Prysgedigte oor Politieke leiers

Met die verdwyning van oorloë, strooptogte en onderlinge gevegte het die vernaamste bron van prysgedigte ook verdwyn. Jagtogte, stamwerk, stamfeeste en werksgeleenthede in Blanke gebiede lewer tog nog temas vir 'n man om homself te prys of om geprys te word.

Wat naas die aanprysing van kapteins, die toneel begin oorheers, is die oor politieke leiers, omrede die leiers nou hoër staan as die kaptein en dus die aangewese persone is om te prys en te verheerlik. Byvoorbeeld die prysgedig van Mokoka oor President Mangope. (Bylae A, no. 1).

O ne a tswetse kantoro tsa gagwe
le dibuka a di beile,
e letile kgwedi e le botshelela.
A re kgosi e tle e tshela ka rona matibogo.
Hy het sy kantore gesluit
en sy boeke gebêre,
terwyl hy vir die sesde dag van die maand wag.
Hy sê die kaptein moet saam met ons deur die driewe gaan.

en ook die volgende voorbeeld, van dieselfde kunstenaar oor dieselfde persoon (Bylae A, no. 2).

Erile a ile moseja maloba,
a le moseja wa lewatele le le hibidu,
bogale ba tau ba kgalema mo dithoteng.
Ya kgalema mo dithoteng-
thoteng tsa lefatsheng la baditshaba,
ya kgalema ge mahube a kgaogana dilemela
tlhapi tsa lewatele, lerua-rua,
ga itaya letswalo.
Toe hy nou die dag oorsee was,
toe hy oorkant die Rooisee was,
was die woede van die leeu oor die heuwels hoorbaar.
was hy hoorbaar dwarsoor die heuwels,
die heuwels waar sy mense bly,
hy het vermaan toe die dag breek;
die visse van die see, die walvisse,
het toe groot geskrik.

en ook die voorbeeld van Dipale se prysgedig oor President Mangope (Bylae A, no. 9).

le Basweu ba ne ba mo gopotse
ba ikanne Mmeisile a feta,
ba bo ba boe ba re:

"Regtig hy praat nie politiek nie,
maar Mangope is 'n slim man,
maar Mangope het meer verstand as Vorster."

en die Blankes aan hom gedink
en staat gemaak het op Mmeisele terwyl hy verbygaan,
dan praat hulle weer en sê:

"Regtig hy praat nie politiek nie,
maar Mangope is 'n slim man,
maar Mangope het meer verstand as Vorster."

en ook die prysgedig van Senosi oor Kaptein Lentswe,
lid van die Nasionale Vergadering van Bophuthatswana,
(Bylae A, no. 13).

"Naa lethuge-thuge yo ke mang yo
ya botau e tshositswe ke segadima?"
Ke tlhodi se se mo ntsweng ja thaba,
ke marapo-diphuru o Rramenwe;
ke ene marapo-diphuru wa ga Rramenwe.

"Wie is dan daardie een wat flenters kap
wie se dapperheid verskrik is deur 'n weerligstraal?"
Hy is 'n spioen wat bo-op die bergtop sit,
dit is die een wat bene kou van Rramenwe;
dit is hy die een wat bene kou van Rramenwe.

Die hedendaagse prysdigter wat die politieke
leiers prys is nie juis ingestel op vergoeding nie,
soos dit was in die geval van die kapteins nie. Al
word daar, byvoorbeeld om 'n bees gevra, is dit geld wat
aan die kunstenaar betaal word; ander kunstenaars doen
dit bloot om patriotisme en om bekendheid te verwerf
deur, byvoorbeeld die optekening van hulle prysgedigte
in tydskrifte asook uitsending oor die radio en

vertoning oor televisie. Kyk byvoorbeeld na die
teenstelling in die volgende voorbeelde.
(Bylae A, no. 21).

Ke go bokile, motho o Seleka,
ga ke batle kgomo
le fa e le šwadi wa thipa,
ga ke mmatle.
A itse fa re lo boka,
re be re tlotlamatsa Bophuthatswana,
le go rweša puso ya rona mabala-a-nkwe.
Ek het jou geprys, afstammeling van Seleka,
Ek wil nie 'n bees hê nie
en ook nie eens 'n stomp mes nie,
ek wil dit nie hê nie.
Want as ons julle prys,
dan verhef ons Bophuthatswana,
en om hulde aan ons regering te bring.

en ook die volgende voorbeeld (Bylae A, no. 4).

Mphe kgomo, ke go bokile Morena,
o be o mphe le marothodi a mararo
re tle re je makgomane,
mokatane o dimisa mala
le mabele e fotoge ditlhatsana.
Gee vir my 'n bees, ek het jou geprys Kaptein,
en gee vir my ook drie druppels
sodat ons merankies kan eet,
en die makataan verbly die maag
en die koring skiet saad.

en ook die prysgedig van Dipale (Bylae A, no. 9).

Tshwene ya majwe kana ga ke a re
mphe o mphe nosi;
ka re mpha, o ntlhakanye le batho
o ntlhakanye, le Bahurutshe morafe wa ga rraago.
Bobbajaan van die klippe, ek sê mos nie
gee vir my alleen nie;
ek sê gee vir my, en sluit my by die ander mense in
en sluit my in, by die Bahurutshe die stam van u vader.

Die kunstenaars sal nie altyd prysdigters in die ware sin van die woord wees nie, maar sal nogtans bydra tot die behoud en bevordering van die Tswanatradisie.

Moloto (1970, p. 13) sê dat daar altyd mense is wat gewillig is om prysgedigte voor te dra by sulke stambyeenkomste of stamaangeleenthede. Dit is 'n eer vir sulke mense om so 'n sosiale geleentheid te vereer met sy teenwoordigheid en om op te tree, die geleentheid synde 'n troue, 'n opvoedkundige byeenkoms of 'n belangrike politieke byeenkoms. As die kaptein betrokke is, sal die prysdigter gewoonlik 'n paar reëls by sy voordrag insluit om vergoeding te vra, gewoonlik 'n bees.

Ander geleenthede sou wees as daar belangrike gaste vir die kaptein arriveer. Die stamlede sal dan grootliks teenwoordig wees om ook deel te hê aan die feestelikhede en dan sal die prysdigter poog om sy kaptein in die beste lig te stel voor die gaste. Die kaptein se grootheid, rykdom, kennis, oorwinnings, ens., sal dan luisterryk aan die gaste gebring word.

Die gaste sal ook deur die prysdigter geprys word. Hy sou voor die aankoms reeds iets uitgevind het omtrent die gaste en hulle dan ook op paslike wyse vereer en welkom heet.

By stamfeeste sal ook prysgedigte voorgedra word. Dit is 'n feestelike geleentheid, en prysdigters sal oral vanuit die stamgebied saantrek om hulle kuns te kan lewer. Die kaptein as hoof of vader van die stam sal geprys word, maar veral die stam as geheel sal vereer word, met spesiale vermelding van die totemdier, waar die stam verpersoonlik sal word met die dier en al die dier se maniere en karaktertrekke sal op die stam van toepassing gemaak word.

Volgens Schapera (1965, p. 6) en Kunene (1971, p. 3) kyk die Tswana, in die pryslied, hoofsaaklik na die inhoud en taalgebruik. Die prysgedig word waardeer vir die geskiedenis daarin vervat, en dat wat gesê word, belangriker is as hoe dit gesê word, en hieruit kan afgelei word dat die poëtiese nie altyd vooropgestel word nie. Daarom dus dat die prysgedig geskiedenis is in die volksmond, waarin ook vervat is ander tradisionele kunsvorme soos die sage, fabel, dierestories, ens.

3.7 Prysgedigte oor Stambyeenkomste

Soos reeds in 3.1 bespreek, hang die prysgedigte, wat oor stambyeenkomste handel nou saam met die totemdier van elke stam. Die totemdier sal altyd teenwoordig wees in die tema van die prysgedig.

'n Voorbeeld van die prysgedig wat met die stam te make het, word by die stamvergadering of "pitso" aangetref. Wanneer die kaptein en sy raadsmanne vergader het, om die een of ander stamaangeleentheid te bespreek, sal een van die raadslede opstaan en 'n prysgedig voordra wat verband sal hê met die saak onder bespreking, en dan sal daar voortgegaan word met die werksaamhede. Dit sal nie lang prysgedigte wees nie; dikwels sal dit op die ingewing van die oomblik ontstaan het, maar die prysgedigte kan ook van geslag tot geslag oorgedra gewees het, veral vir sake wat algemeen voorkom, byvoorbeeld diefstal, owerspel, ontduiking van belastings aan die kaptein, ensovoorts.

Die raadslede is oorwegend die patriarge van die stam en dus sal baie van die prysgedigte wat deur hulle voorgedra word, nie altyd verstaanbaar wees vir die jonger lede van die raad nie. Hoe ook al sy, sal hulle aandagtig luister en die kunstenaar luidkeels toejuig met uitroepe van "pula" : reën.

Veral die geleenthere wat deesdae bestaan, byvoorbeeld by die herdenking van onafhanklikheidswording van die Tswanas op 6 Desember is dit werklik 'n fees vir die oor om die prysdigters te hoor. Hulle kom vanuit die hele Bophuthatswana en uit verskillende stamme. Hulle sal dan elkeen sy beste ware bring aan die aanwesiges en 'n stilswyende kompetisie sal heers tussen die kunstenaars om die volk op sy beste voor te stel.

Die prysgedigte oor stambyeenkomste is van baie goeie gehalte, omdat nie net die kaptein nie, maar ook sy stam vermeld word en die aanprysing en vermelding van prysenswaardige dae neem 'n baie groot omvang aan.

Die instelling van 'n nuwe kaptein is ook 'n groot stamaangeleenthere. Die stam as geheel is teenwoordig, asook besoekers van oral, maar veral van aangrensende stamme. Die jong kaptein word bevestig: deurdat 'n senior oom van hom, wat ook 'n kaptein moet wees, die vel van 'n luiperd om sy skouers hang. Die Tswana noem dit "go apeswa nkwe".

Die luiperdvel met sy kolletjies is simbolies van die kaptein se regering. Alhoewel al die kolletjies losstaande is, vorm hulle tog 'n eenheid, en al die kolletjies is saam aanwesig op een vel. Die kolletjies stel die stamlede voor en aan die kaptein word dus die lede gegee wat hulle saam moet hou as 'n geheel, omdat hy die ontvanger van die vel is. Die vel word om sy skouers gehang om te wys dat hy die vader van die stam is. Soos 'n vader sy kind op sy skouers sou dra, so moet die kaptein met sy stam handel.

Die vel met die kolletjies word om sy skouers gehang, en aangesien die skouers, bors en rug die kwesbaarste plekke in die oorlog was, so word aan die stam opdrag gegee om hulle kaptein te ondersteun en op te pas, asook om hom te verwarm met hulle raad, steun en bystand. Byvoorbeeld (Bylae A no. 25, reëls 39 en 40).

Al die dinge sal deur die prysdigter in sy voordrag meegedeel word. Die besoekende kaptein of kapteins wat die inhuldiging waarneem of bywoon sal paslik vereer word en bedank word vir hulle daade.

Die jong kaptein sal, met verwysing na sy voorvaders, op die regte spoor gebring word. Die prysname wat hy reeds mag hê, sal genoem word, asook die name wat by die geleentheid sal ontstaan. Die trou van die stam sal aan hom beloof word en wedersydse samewerking sal gevra word. Die prysgedig of -gedigte wat die dag aan die jong kaptein gebring word, sal die basis vorm vir nog prysgedigte wat in sy lewe vir hom saamgestel sal word, byvoorbeeld (Bylae A, no. 25).

Re šebile go wena, Kgosi Scotch Mankurwane,
gobane o monna, ga o mosimane.

O mogale ga o dishashe,

o kgosi ga o molala;

o mongwa' molao,

ga o motlhanka wa one.

Ons maak staat op jou, Kaptein Scotch Mankurwane,
omdat jy 'n man is, en nie 'n seun nie.

Jy is dapper en nie 'n lafaard nie,

jy is 'n kaptein en nie 'n slaaf nie;

die wet behoort aan jou (jy is die baas van die wet),

jy is nie 'n dienaar daarvan nie.

3.8 Prysgedigte oor Dolosse

Prysgedigte wat hier hul ontstaan en tema het, is nie baie algemeen nie. Die persoon wat die dolosse gooi, word in Tswana "ngaka" genoem. In Afrikaans word hy dolosgooier genoem, of dikwels verkeerdelik as toordokter bestempel word.

Aan die dolosgooier was die geheime van die dolosse bekend asook die prysgedigte waarmee die val van die dolosse dan geprys en vereer is, en gevra is om hulle werk na wense te doen.

Dolosse, "ditaola", het dan die ontstaan en tema van prysgedigte tot gevolg gehad, met die tema die dolos en sy werk, sy valle en kante, ensovoorts. 'n Spreekwoord in Tswana wat gewoonlik alle prysliedere oor dolosse inlui, is as volg: "Moremogolo go betlwa wa taola, wa motho o a ipetla" (Lesenyane : 1963, p. 129).

Die Tswanadolosgooier het vyf dolosse, waarvan twee manlik is, twee vroulik is en een onsydig moes wees. Die onsydige dolos moes kom van 'n erdvark.

Daar was veral vyf belangrike dolosse (Lesyane : 1963, p. 128) naamlik, moremogolo - grootboom, sy vroulike maat, kgadi - pa se suster, dan jaro - die vlugvoetige, en sy vroulike maat kgatsane - pa se jonger (klein) suster en dan die onsydige dolos modimo - god.

Moremogolo het byvoorbeeld vier kante, en dus ook vier maniere waarop dié kon val, naamlik "kgato, leteng, lentle en serethe". Die kante en valle het elkeen 'n prysgedig gehad wat die kant of val aangeprys het.

Die verskillende maniere waarop dolosse val, word "lewa" genoem, afgelei van die werkwoord "wa" wat val beteken. Die vyf dolosse met hulle kante en valle kan dus maklik veertig prysgedigte verteenwoordig.

Die prysgedigte was nie vreeslik lank nie, en sommige is voorgedra wanneer die dolosse gegooi word. Ook wanneer hulle op sekere maniere lê en voordat hulle boodskap oorgedra word, word hulle eers geprys vir dit wat hulle "sê" en doen.

Die dolosse het 'n belangrike rol gespeel in die tradisie van die Tswana. Die geheim rondom die dolosse is ook van die een geslag, "ngaka", oorgedra aan die ander, wat die geheime goed bewaar het, en in elk geval nie aan jou as Blanke sal verklap nie, omdat jy nie op inisiasieskool was, of ingelyf is in die tradisie van die stam nie.

'n Uittreksel van 'n prysgedig met die dolosse as tema is soos volg: (Lesenyane : 1963, p. 130)

Ke mogolori wa ntswe la khikhi

le a tshegatshega.

Pelo-tshweu boela mannong la khikhi

le a tshegatshega.

Pelo-tshweu boela mannong

mmatla sa pelo o se bone

Ek is die bloureier van die rots wat lag

(khikhi)

wat lag.

Tevredenheid wees soos jy gewees het en lag

(khikhi)

en lag

Tevredenheid wees soos jy gewees het.

Dit wat hy begeer het, het hy gekry.

Moloto (1970, p. 40) gee byvoorbeeld die volgende paar reëls van 'n prysgedig na aanleiding van die val van die dolosse vir byvoorbeeld siekte.

Ke moraro wa sedikadike
thetologo ke matlhaku
le a rutla, le akela malata
masetlha a a se nang ditsaona
sepa legolo la moeng, la mong gae pipitlo.
Dit is die gesirkel van die aaneenloperde sirkel
die sirkel is die omheining (van die lapa of
werf)
jou sleg, en jy belieg die bediendes
die ligkleuriges wat niks van hulle eie het nie
vreemdelinge se ontlasting (foute) word vergroot,
die van die statsgenote verklein.

3,9 Samevatting

Damane en Sanders (1974, p. 34) sê die onderwerp van die prysgedig, is die held, hetsy 'n kaptein of 'n kryger (of 'n politieke figuur), en die doel van die prysgedig is om hom te prys en te vereer vir wat hy is en wat hy vermag het.

Aanspreking en aanprysing word vermeng met die verhaal. Die samestelling val iewers tussen die epiek en die ode.

Breed (1956, p. 47) sien die prysgedig as bestaande uit 'n beskrywing van 'n groot gebeurtenis wat tot in die fynste besonderhede uitgewerk is.

Die prysgedig word ook altyd voorgedra in 'n forse, verhewe en beeldryke taal.

Dit is die held of die sentrale figuur in die prysgedig wat die bewondering afdwing, en voorts bestaan die prysgedig uit 'n hooftema met ander episodes wat tot een groot geheel saamgevoeg is.

Van Zyl (1949, p. 10) sê dat die skoonheid nie juis iets is wat prysenswaardig is nie. Wat wel is, is 'n groot daad, 'n heldedaad, 'n indrukwekkende verskynsel, vreesinboesemende mense, diere of voorwerpe, en ook mistiek, wreedheid, populariteit en vrygewigheid, alles gee aanleiding tot 'n poëtiese gevoel.

Ngcongwane (1975, p. 1) sluit hierby aan, as hy sê dat prysgedigte deel is van die tradisionele literatuur wat geslagte lank oorgedra is. Vanaf die vroegste tye was dit tradisie onder die Swartes om prysgedigte voor te dra.

Prysdigters, kapteins, soldate en krygers het prysgedigte gemaak en voorgedra in die tradisionele Swart gemeenskappe.

Familiegebruike soos geboortes, troues, dood en die "kroning" van kapteins, religieuse feeste, ensovoorts, was almal geleenthede waar prysgedigte voorgedra is.

In die afwesigheid van geskrewe taal het elkeen 'n tipe van 'n prysgedigvoordraer geword. Vir sulke geleenthede was geen prysgedigte met vaste vorms beskikbaar nie, en elkeen het 'n paar reëls by bekende prysgedigte gevoeg, om sodoende by die geleentheid te pas.

So het die prysgedigte dan gemeenskaplike besit geword, want bestaande prysgedigte is verander en gemodifiëer om te pas by geleenthede, en niemand het dus aanspraak gemaak op outeurskap nie.

Cope (1968, p. 21) sê dat die prysgedig 'n aansporing en vergoeding is vir algemene aanvaarde standaarde. Die voordrag herinner almal teenwoordig wat die regte maniere van optrede is, en dien ook om almal te herinner aan die kwaliteite en gedrag wat prysenswaardig is.

Dit blyk dus dat die ontstaan en temas van prysgedigte nie spesifiek bedink en vasgepen kan word nie. Prysgedigte of dele daarvan wat bekend is, word geneem en verander om by 'n sekere geleentheid te pas.

Die prysgedig het altyd 'n onderwerp en dit is juis die onderwerp wat geprys moet word, wat van alle kante bekyk word en waarvan alle fasette belig word sodat die onderwerp voorgestel kan word aan die aanwesiges. 'n Prysgedig word altyd voorgedra voor luisteraars, en as dit nie so was nie, sou die prysgedig nie in sy doel geslaag het om te prys nie.

Ten laaste die beskouing van Moloto (1970, p. 224) waar hy sê dat die prysgedig vertoon die gees en gevoel van die Tswana as 'n volk, in kragtige beeldspraak, deur artistieke, presiese en entoesiastiese wyse. Dit is puur menslik dat daar entoesiasme sal wees vir 'n eie gevoel en 'n eie gees. Die uitdrukking hiervan deur middel van metafoor, en in gekonsentreerde vorms, word gereken as 'n komposisie. Om daardie rede is die prysgedig dus vir die Tswana wat die Europese poësie vir die Europeër is, en dikwels van baie meer belang.

Hoofstuk IV

Die Prysdigter

Die prysdigter staan onder die Tswana bekend as "mmôki - baôki", wat afgelei is van die werkwoord "boka" of die wisselvorm "baka" wat aanprysing beteken.

Die doel van die studie behels natuurlik net die prysgedig, en daarmee in gedagte sal die "mmoki" hom in die geval net met prysgedigte besig hou.

As daar egter meer in die algemeen na die Tswana se letterkunde gekyk word, dan kry die woord "mmôki" 'n breër betekenis.

Hier kan Moloto (1972, p. 16-17) aangehaal word as hy sê: "I changed my area of investigation from the finished product (Leboko/a Poem) to that of the product in process of creation, and would therefore like to speak of the making of Tswana poetry." Voorts sê hy dat daar na die meeste Tswana poësie verwys word as "praises" of "praise poems" en na die digters of kunstenaars as "praise poets" of "baôki", asof poësie slegs die funksie het om te prys.

Om sy bewering te staaf haal hy Ramoshona (1934, p. 31) aan waar laasgenoemde sê: "Whatever else we may think about it, at this stage, the Setswana epic poetry assumed an aspect, which can be reasonably called refined poetry."

Moloto erken egter dat die Tswana poësie baie na verwant en die navolger van die prysgedig is; sodat die naam "Leboko" op beide die prysgedig en poësie van toepassing is.

Moloto (1972, p. 26) sê verder: "where the praise poet sang about people other than himself, (such as kings) for the benefit of the community, the work of the modern poet is a subjective and intimate

revelation of himself, and his reactions to the world around him. Yet they are both referred to as "baōki". Voorts sê Moloto (1970, p. 23) "Normally mabōkō are full of praise for a person, or animal or other object. The concept of praise is usually expressed by a word or phrase which is regarded as the praise-word or praise-name. It may be a metaphor or an expression of heriosm.

Van die prysdigter sê Nkabinde (1976, p. 6) dat daar opvallende ooreenkomste is tussen die prysdigter van die Sotho- en Ngunivolke. Dus bestaan daar ook 'n literêre tradisie tussen die twee volke en dit bevestig ook die struktuurpatroon wat die kunstenaars vir die ontstaan en voordrag van die prysgedig vir die verskillende volke van belang ag.

Van Zyl (1949, p. 1) haal Lekgothane S.K. (Bantoe Studies September 1938) aan waar laasgenoemde sê: "for everything we see with our eyes we can praise, and besides such things as we know from thinking about them, or hearing about them, all these we can praise!"

Op (p. 2) sê Van Zyl die prysdigter van die Sothosprekende volke het die vermoë om hulle self uit te druk in melodieuse woorde wat ritmies gerangskik is. Die gedagtes wat daargestel word deur gevoel en verbeelding sowel as indrukke van dinge wat self waargeneem is, kan in prysvorm uitgedruk word.

4.1 Hoe 'n persoon is hy

Moloto (1970, p. 13) sê dit is 'n eer vir so 'n persoon om luister by so 'n byeenkoms te verleen en op te tree. Al is die byeenkoms 'n troue, 'n opvoedkundige byeenkoms of selfs 'n politieke byeenkoms. As die kaptein betrokke is, sal die prysdigter gewoonlik 'n paar reëls by sy prysgedig aanvoeg om die kaptein te herinner dat hy geprys is en die prysdigter verwag beloning vir die daad.

Abraham (1971, p. 18) sê: "Die prysdigter is 'n veel belangriker persoon as wat algemeen aanvaar word. Sommige mense beskou hom as 'n soort hofnar, vanweë al sy manewales, terwyl hy die een of ander persoon se lof besing. Die opvatting is verkeerd. Die lofdigter is iemand wat groot liefde en agting koester vir sy volk se kultuur en geskiedenis, en wat reeds bedag is op sy volk se welvaart op alle lewensterreine.

Hy staan hoog aangeskrewe by sy volk. Hy kan die roeringe van die volksiel verstaan; hy peil sy verlangens; hy begryp sy behoeftes; hy vertolk die komiese en hy besing sy volk se prestasies.

Die volk het hom nodig by 'n groot verskeidenheid stam- en volksaangeleenthede. In vrede tyd bring hy wysheid en genot. In moeilike tye bring hy vertroosting en besiel hy met geloof en hoop. En in die oorlog, dan laat hy die duiwel los onder die vegtendes.

Die lofdigter word met sy besondere gawe gebore en kan nie 'gemaak' word nie. In sommige gevalle is die amp van die prysdigter erflik."

Ntuli (1972, p. 24) sê: "Of all oral literature the praise poem is the most sophisticated. A reciter of praise poems, jumped about at a gathering brandishing his spear, while he sang in a high-pitched voice of the brave deed of a warrior king. His language was poetic and rhythmic, and he was an able speaker. He had to know the history and customs of his people in detail, in order to speak with wisdom."

Die prysdigter beklee baie status onder sy mense en hy word vereer vir sy kuns, want dit is nie iets alledaags nie. Dit is raar, as gedink word aan die feit dat onder die Bakwenastam, wat uit ongeveer 42,000 siele bestaan, net een prysdigter is.

Om die kuns van hom te lewer gaan hy deesdae buite die grense van sy stamgebied om 'n kaptein of hooggeplaastes te gaan prys waar ook al die geleentheid daarvoor plaasvind. 'n Gesogte kunstenaar word van heinde en verre gehaal om sy kuns te kom voordra.

Dit wys net weer eens watter groot kennis die kunstenaar moet hê oor tradisie en gebruike, asook mensekennis. 'n Prysgedig wat byvoorbeeld een keer aan 'n sekere persoon gewys en opgedra is, mag nie weer nie, in elk geval nie in dieselfde vorm, vir 'n ander persoon voorgedra word nie.

Elke kaptein of hooggeplaaste het sy eie dade, voorouers, verwante, ens., wat in berekening gebring word en in sy prysgedig ingesluit word, voordat 'n prysgedig aan hom opgedra word. Die prysdigter se reputasie is op die spel en hy probeer ten alle tye sy beste lewer. Hoe meer die geprysde van die aangebode prysgedig hou, hoe groter sal die dank en die beloning aan die kunstenaar wees.

Die prysdigter gebruik allerhande bykomstighede wanneer hy die prysgedig voordra, byvoorbeeld die velle van diere wat hy om hom hang, asook 'n hoofbedekking van dierevelle. In sy hande hou hy byvoorbeeld 'n kiere, assegaai, en die kwas van 'n dier se stert.

Al die bykomstighede is eerstens om die aandag op hom te trek en te behou, en tweedens om krag aan sy woorde te verleen, en derdens om sy andersheid en ook die andersheid van sy kuns te beklemtoon.

As hy byvoorbeeld in sy voordrag van slaan of steek melding maak, sal hy die bykomstighede dienooreenkomstig gebruik, om krag aan sy woorde te verleen, en ook om aan te toon wat hy met sekere gedagtes of woorde bedoel.

Hy is besig met 'n baie belangrike taak en dit is dus noodsaaklik dat al sy woorde asook die boodskap wat hy oordra goed verstaan sal word deur alle aanwesiges, maar veral die een wat direk aangespreek sal word.

Elke kaptein het vandag nie meer sy eie prysdigter soos dit in die verre verlede die geval was nie en die kunstenaars moet dus meer as een kaptein se lof besing. Hulle word hierdeur te meer gerespekteer, want hulle moet hulle oor 'n baie breër front op die hoogte van sake hou om sodoende alle kapteins wat hulle bedien se doen en late te ken. Die kaptein word bowenal vir sy dae geprys en van die dae word sy prysname in 'n groot mate afgelei.

Die prysdigter van vandag het ook 'n stryd te stry teen die radio en televisie. Die bewering dat die prysdigter en sy kuns 'n gestadigde dood sterf, is nie verregaande nie.

Die glorieryke dae van oorloë en stamgevegte, beesrowery, jagtogte en ander prysenswaardige 'dae' het ook al onder die Tswana verdwyn. Die dae wat uit die bogenoemde handeling voortgespruit het, was onontbeerlik vir die prysdigter om sy lofuitinge op te baseer.

Vandag is die prysgeleentheid en dae wat aanleiding kan gee tot lofuitinge, beperk tot die kaptein se deelname aan, byvoorbeeld die opening van nuwe skole, klinieke, magistraatskantore, troues, kapteinsinstellings en volksfeeste. Die prysgedigte is nie juis meer ingestel op die verering van die kaptein om sy mag te bevestig en sy heerskappy te beklemtoon nie, maar is eerder 'n opsomming van die kaptein se lewe vanaf hy bevestig is as kaptein tot op die hede.

Die prysdigters van vandag het almal ander inkomstes en maak nie 'n lewe uit die voordrag van prysgedigte nie. Die Tswanakaptein het weleer 'n bees betaal vir 'n prysgedig aan hom gerig, maar die gebruik het verval. Al vra die prysdigter ook 'n bees in sy voordrag, is dit bloot tradisioneel en bestaan sy beloning deesdae uit geld. Die geldelike beloning is nie gelykstaande aan die prys van 'n bees nie, en dié beloning kan dus nie as kompensasie van 'n bees gereken word nie, vergelyk, byvoorbeeld;

Bylae A no.1

Mphe kgomo ke bokile Morena
o be o mphe le marothodi a le mararo.
Gee my 'n bees, ek het geprys Kaptein
en gee my ook drie druppels reën.

Die prysdigter is 'n persoon wat sy volk se behoeftes, verlangens, vreugdes en droefheid ken. Dit kom te voorskyn in sy prysgedigte, waar hy aan die kaptein vir uitkoms en verligting van hulle probleme vra. Al kan laasgenoemde dit nie altyd doen nie, is hy nog die vader van die stam en moet alle probleme na hom gebring word, byvoorbeeld;

Bylae A no.1

Etsa kgosi Manyane le kgosi Sebogodi
ge ba nesa pula maloba;
megobe e ne e tlala bcphala-phala.
Maak soos Kaptein Manyane en Kaptein Sebogodi
toe hulle nou die dag reën veroorsaak het (dit laat reën het)
die reënwaterpanne het blinkvol geraak.

en ook Bylae A no. 2

O rapele badimo ba ga rraago
o rapelele Kgosi Manyane le Sebogodi
o re setshaba sa gago se a bopama;
kgomo di a swa;

tsatsi le eme
methepa ga e tlhe e pepa.
Rramatheka o feditse makolwane.
Bid vir die goede van jou vaders
bid vir Kaptein Manyane en Sebogodi
en sê vir hulle dat jou stam maer is;
die beeste vrek;
die son is baie warm (die son staan stil)
die jongmeisies is onvrugbaar.
Die honger roei die jongmans uit.

Deesdae kom die prysgedigte ook oor 'n breër front
voor, want die kunstenaar prys nie net 'n kaptein nie,
maar ook sy land, naamlik, Bophuthatswana en dan word die
land se behoeftes en tekortkominge uitgelig, sodat
die volk iets daaraan moet doen, of spoggenderwys word
na voortreflikhede van die land verwys, byvoorbeeld
Bylae A no. 24.

Batswana, emang ka tlhako
matlho a lona a lebe godimo
e sa kao ya boikgodiso
kgotsa kao ya boikgogomoso.
Tswanas, staan op
en kyk omhoog (kyk na bo)
sonder enige teken van selfverheerliking
of 'n teken van hoogmoedigheid.

en steeds uit dieselfde prysgedig-

Batswana, motlha o gorogile.
Bophuthatswana ga o kake wa kakelwa fela,
digauta, diplatinama le disamente,
a ga se kao ya bogaka Batswana?
Tswanas, die tyd het aangebreek,
Bophuthatswana kan nie net so gelaat word nie,
goud, platina en sement,
is dit nie 'n bewys van onoortrefklikheid nie, Tswanas?

Die prysdigter is 'n unieke mens onder die Tswana en ook wat sy optrede betref, asoof die kuns waarmee hy hom besig hou. Met die kuns kan hy veel vermag, of dit verering is, prys, veragting, verkleinering, berisping, ens. As hy nie te ver gaan nie, is sy posisie eintlik onaantasbaar, want as die een wat hy geprys het, die prysgedig aanvaar, dan is dit klaar en gedaan. Daar kan nie later ou koeie uit die sloot gegrawe word, betreffende die aangebode prysgedig nie.

Onder die Tswana is tot op hede nie 'n stam-aangeleentheid denkbaar, waar die prysdigter nie optree en luister verleen aan die samekoms met sy teenwoordigheid en kuns nie.

4.2 Hoe word die prysgedig voorgedra

Cope (1968, p. 28) sê die prysgedig word voorgedra so vinnig die prysdigter kan. Die stemtoon is baie hoog, baie vinnig, en stig so 'n emosionele opgewondenheid by die gehoor, sowel as by homself, wat veroorsaak dat sy stemtoon nog hoër word en die volume groter is.

Sy bewegings word al meer en meer oordrewe om uiting te gee aan sy gevoelens wat hy nie altyd in woorde met soveel trefkrag kan weergee nie.

Die handeling van die prysdigter word dan ook dramaties, want die handeling en beweging pas by sy woorde, en sy woorde pas by die handeling en beweging.

Nkabinde (1976, p. 5) is dit eens met Cope waar hy sê dat die tempo waarteen die prysgedig voorgedra word en die hoë stemtoon bepaal die kwaliteit van die prysgedig, asook die grootte van die gehoor.

Die hoë stemtoon het ook te doen met die atmosfeer wat heers en om die prysname van die kaptein so akkuraat moontlik weer te gee, en ook die feit dat die kunstenaar geheel en al op sy geheue moet staatmaak.

Die hoë stemtoon en snelle voordragswyse word ook ontleen aan die feit dat dit grootliks dae is wat geprys word, veral die handeling in die geveg of in die jag of die strooptog. Die handeling hieraan verbonde is snel en dus sal die beskrywing van die dae deur die kunstenaar ook snel wees.

Die hoë stemtoon is verder noodsaaklik, omdat die prysgedig voor gehore opgedra word, en omdat daar nie altyd tegniese hulpmiddels, byvoorbeeld luidsprekers, ens., beskikbaar is om die hoorbaarheid te verbeter nie, moet dit met die stem alleen gedoen word.

Guma (1967, p. 154) is dieselfde mening toegedaan as wat reeds gesê is, as hy opmerk dat as die kunstenaar 'n voordrag lewer, dan tree hy na vore waar hy deur almal gesien kan word. Sy houding en kleredrag is van so 'n aard dat die aandag gou op hom gevestig word.

Hy begin deur op 'n hoë stemtoon voor te dra vir alle aanwesiges om te hoor. Hy begin om die een wat hy prys, gewoonlik die kaptein, se naam of name te noem, sodat die persoon wat geprys word, voorgestel kan word aan alle aanwesiges.

A. Die naam kan **sy eie naam** wees, of die naam wat hy homself by die inisiasieskool gegee het, of sy prysname wat hy verwerf het, byvoorbeeld Bylae A no 2.

Khunou ya mafula a'a theetsa, dumela,
dumela notshe e tona, lellakoma
dumela, tshetlha ya maralla-thota;
tau tshetlha, selalome.

Dagsê, Rooie, wat luisterende wei,
dagsê groot by, hommelby
dagsê, vale, wat op die heuwels ronddwaal
die vaal leeu, die ondier.

of die voorbeeld op Bylae A no. 12.

Ke boka Manyane morwa Sebogodi,
wa ga monyennye - nnyennye le Sebogodi.
Rramadigane o diga ditlhare,
motho o diga malubu le maoka.
Ek prys Manyane seun van Sebogodi,
wat baie jonger is as Sebogodi.
Omgooier wat bome omgooi,
hy gooi wilger en soetdoringbome om.

B. Die name word dan gevolg deur die name van
sy voorouers, ouers, familie, vriende,
ouderdomsgroep of leeftydsgroep asook die name van sy
vyande. Die kunstenaar vorder verder en noem die
landstreke waardeur die kaptein getrek het of waar
hy geveg het.

Op die wyse word die kaptein wat geprys word se
naam uitgebrei en verbreed, en al meer gegewens word
oor hom gegee. Sy hele geskiedenis word in breë
trekke gegee en die wat hom ken, kan dan verdere
besonderhede invul.

C. Die prysdigter kan ook die kaptein vergelyk
met 'n dier, ensovoorts, en na hom verwys as synde so en
so 'n dier, wat dit of dat doen. Bylae A no. 3.

Mangope ke tau,
e kile ya loma Morena Pilane.
E mo lomile fela
ga se ke ga re sepe.
Mangope is 'n leeu,
hy het een keer vir Kaptein Pilane gebyt.
Hy het hom sommer net gebyt
en niemand het iets gesê nie (niks het gebeur nie).

D. Die kunstenaar kan ook die kaptein en die
aanwesiges aanspoor om iets daadwerkliks te doen,
Bylae A no. 1.

Okomelang kwa ntle
lo bone! lo bone! semariri o etla.
Loer na buite
sien, sien, die harige(een) kom aan.

en uit dieselfde prysgedig-

Tlhwa tsebe! kana bone
bone ne ba re o sethotho,
Spits jou ore! want hulle
hulle het gesê dat jy dom is.

E. Die kunstenaar vorder verder en wys op ander
eienskappe of karaktertrekke van die kaptein;
byvoorbeeld, gesigsuitdrukkings en liggaamsbou of -kleur,
byvoorbeeld, Bylae A no. 1.

Kgosi ya ba ya thothomela mmele.
Ka bona a tsutsubanya sefatlhego
ka be ka bona a roromisa melomo.
En die kaptein se lyf bewe toe.
Ek sien toe hy plooi sy voorkop
en ek het toe gesien sy mond bewe.

en ook Bylae A no. 21-

Motho mokhutswane, o kgathile Basotho pele,
a ba kgatlha ka bokhutswane le bosetlha;
Die korte het eers die Sotho's verbly,
hy het hulle beïndruk met sy kortheid en sy ligte kleur.

F. Die kunstenaar vermeld ook landstreke waardeur
hy reis of gereis het en waar hy gevegte gehad het,
byvoorbeeld, Bylae A no. 2.

Erile a ile moseja maloba,
a le moseja wa lewatile le le hibidu,
bogale ba tau ba kgalema mo dithoteng.
Toe hy nou die dag oorsee was,
toe hy oorkant die Rooisee was,
was die woede van die leeu oor die heuwels hoorbaar.

en ook Bylae A no. 9.

A raya Kampadi a re ye go tllhabana
ntwa e etla kwa Mafikeng.
Hy sê vir Kampadi kom ons gaan veg
die geveg kom na Mafikeng.

G. Die kunstenaar kan ook die naakte werklikheid
van die kaptein openbaar en direk voor die hoorders
stel, al is dit deur middel van vergelyking. By dit
alles kom daar voorbeelde van eufemisme voor, byvoorbeeld
Bylae A no. 12.

Phuru-phuru, e tllhaba ditshaba,
tau ya sekgwa sa Mogologaadikwe.
Ga e a ema, e purutlela motho,
ya tshwara motho,
ya mo ja mediêpê,
ya mo tlogela a sena go athama,
ya mo tlogela a kaname,
ya hula a bile a letse 'roko jwa malalla ruri.
Woerts, woerts, hy steek die nasies,
die leeu van die Mogologaadikwebos.
Hy het nie net gestaan nie, hy bespring 'n mens,
hy gryp toe 'n mens,
hy het hom toe verskriklik verskeur (flenters geskeur)
hy het hom gelos toe hy reeds gegaap het,
hy het hom gelos toe hy op sy rug lê,
hy het toe berus, want hy was reeds in die doodslaap.

en ook Bylae A no. 9

Ga ema lenong le letona
le le megatlagatla,
le le reng le thukutha motho dinama,
a ba a retelewe ke go itata.
A tlhakanye ijoo! le mma-ntshwarang!
En die groot aasvoël het toe opgestaan
die een wat baie sterte het.
wat as hy besig is om 'n mens aan sy vleis
rond te skud,
dan is hy nie in staat om homself te help nie.
Dan skree hy eina! en ma-help-my!

Die meeste prysdigters sluit nie die prysgedig af op 'n formele of voorafherkenbare manier nie; die prysgedig plat slegs af en kom dan skielik tot 'n einde.

Kunene (1971, p. 102-130) sê dat die prysdigter van verskillende tegnieke gebruik maak om die een wat hy prys grootser te laat voel en om die luisteraars meer te boei en te vermaak.

Die kunstenaar gebruik in sy voordrag baie beelde deur gebruik te maak van beeldspraak om sodoende weg te beweeg van alledaagse taalgebruik of prosa. Die gebruik van beelde is juis waaruit die prysgedig hoofsaaklik bestaan en waaroor dit grotendeels handel, en wat die kunstenaar verhef as 'n ware "mmoki".

A. Beeldspraak

Deur sy gebruik van beeldspraak, gaan hy as'tware in sirkels om die werklikheid, maar deur kundige taalgebruik staan die werklikheid tog duidelik voor die aanhoorder.

Bylae A no. 1.

- i Die beeld van vernietiging en verdelging-
pula ya ba ya sarasara;
magadima a benya lebeke-beke
tladi ya batla e re kgekgethela nageng.
Banna ba inamisa melala;
tshadikgolo ba tshema-tshema dekeledi.
en die reën het toe saggies geval;
die bliksemstrale het helder geblink
en die weerligstraal het ons toe amper in die veld vernietig.
Die mans laat toe hulle hoofde sak (nekke gebuig);
die ouvrouens het toe trane gestort.

asook Bylae A no. 26.

Ditau tsa tshwarwa tsotlhe,
tsotlhe tsa bolawa,
a batla go di hetsa;
a heta a di bolaya a tlhaola badumedi.
Al die leeus word toe gevang,
almal word toe doodgemaak;
hy het hulle toe amper uitgeroei;
hy het hulle doodgemaak en net die gelowiges
gespaar.

- ii Die beeld van opeet en uitwis, Bylae A no. 1.
Se kwate jalo morwa kgosi,
kana ga o kwata jalo o ka re bolaya
wa gata motho ka leroo le le golo la Motshweneng.
Moenie so kwaad word nie kapteinseun,
want as jy so kwaad word kan jy ons doodmaak
en trap 'n mens met die groot poot van die Bobbejaan.

en ook uit Bylae A no. 2.

tau tshetlha, selalome
e seke e je dinamane tsa magatelo.
Ke dipudi di jewa ke bophokoje.
die vaal leeu, die ondier
wat nie suipkalwers eet nie.
Dit is die bokke wat deur die jakkalse geëet word.

iii Die beeld van oppasser, bewaarder en beskermer,
Bylae A no. 26.

Tshukudu ya mathibakgabo, kgalema,
kgalemela kgang di hele.

O gate kgomo o gate garataro;
o gate kgomo tse thatharo,
ya bosupa o e tshware.

Renoster, die vlam-beskermer, vermaan,
vermaan sodat die stryery kan ophou.

Trap 'n bees en trap ses keer;
trap ses beeste,
die sewende moet jy gryp.

en Bylae A no. 9.

Lo tleng fela mo Bophuthatswana
lo tleng fela lo se ka lwa boifa.
Lo eteletswa ke motho a itse tsela;
lo gogwa ke Malomathotse;
lo gogwa ke Kgarametsane.

Kom maar net na Bophuthatswana
kom net en moenie vrees nie.

Julle word gelei deur 'n persoon wat die pad ken;
julle word gelei deur die Malomathotse;
julle word gelei deur die Stoter,

iv Die beeld van krag, heerskappy en kapteinskop.
Bylae A no. 9.

Mme ka re segwana seo sa ga Mangope
ga se tshwarwe.

O ka se thuba, o ka bona gaeno.

Maar ek sê daardie skepding van Mangope
word nie aangerak nie.

As jy dit breek, is daar probleme.

en uit dieselfde prysgedig-

e ne e reteletse phalo tsa banna,
e bile ya kgonwa ke phalo,
e tswa go adingwa.
E ne e le ya ga Manyane,
ngwana wa ga Semakaleng.
hy was te taai vir die mans se skuurklippe,
hy is net bemeester deur 'n skuurklip,
wat geleen was.
Dit was Manyane s'n,
kind van Semakaleng.

en Bylae A no. 3

Mogosi a mannye lo itlhoboge,
Mangope ke tau,
e kile ya loma Morena Pilane.
E mo lomile fela
ga se ke ga re sepe.
Julle klein kapteintjies moet moed opgee,
Mangope is 'n leeu,
hy het een keer vir Kaptein Pilane gebyt.
Hy het hom sommer net gebyt
en niemand het iets gesê nie (niks het gebeur nie).

v Die beeld van verslapping van waaksaamheid en dan
die kunstenaar se waarskuwing, Bylae A no. 4.

Go ne go gana bo sephura-marapo
a re sebe-sebe ya lona ka ditsebe ke utlwile.
Ke digana, dikgotlhelamotse di loga bomênê-mênê,
O thibele diganana di kgotlhelamotse, di loga bomênê-mênê.
Dit was die ongehoorsames wat geweier het
en sy het vir hulle gesê dat sy hulle gehoor skinder het.
Dis die ongehoorsames, die aanhitters wat skelmstreke be-
plan.
Keer die ongehoorsames en die aanhitters,
terwyl hulle skelmstreke beplan.

en ook Bylae A no. 2.

O rapele badimo ba ga rraago
o rapelele Kgosi Manyane le Sebogodi
o re setshaba sa gago se a bopama;
kgomo di a swa;
tsatsi le eme
methepa ga e tlhe e pepa.

Bid vir die goede van jou vaders
bid vir Kaptein Manyane en Sebogodi
en sê vir hulle dat jou stam maer is;
die beeste vrek;
die son is baie warm (die son staan stil)
die jongmeisies is onvrugbaar.

vi Die beeld van die weerlig gebruik die prysdigter
gewoonlik om dood en verwoesting te saai;
byvoorbeeld Bylae A no. 6.

Ya tla ya benya kgadima-kgapetla.
Ya betsa fa thitong ya lekgabana;
ya tshelola dipheko di tsheletswe.
Hy het gekom en die weerlig het nou en dan geblink.
Die weerlig het geslaan aan die voet van die rant;
die weerlig het medisyne (toorgoed) ontbloot wat
begrawe was.

4.3 Wanneer word die prysgedig voorgedra

Daar is baie geleenthede en tye wanneer die prysgedig voorgedra word. As na almal gekyk word, sal in die hoofstuk duplisering voorkom met wat reeds in ander hoofstukke bespreek is. Dit sal tog gerade wees om dit in die afdeling so volledig moontlik te doen.

Von Staden (1975, p. 162) sê die prysdigter betree die bonatuurlike sfeer deurdat die voorvadergeeste ook binne die stameenheid betrek word. Dit word veral gedoen wanneer besondere probleme ondervind word en sekuriteit gesoek word in die wêreld van die voorvadergeeste.

Die kaptein as vader en hoof van die stam is dan die een deur wie die voorvaders aangespreek word, of versoek word om sekere beveiliging en versekering aan die stam te bring, byvoorbeeld Bylae A no 2.

O rapele badimo ba ga rraago
o rapelele Kgosi Manyane le Sebogodi
o re setshaba sa gago se a bopama;
kgomo di a swa;
tsatsi le eme
methepa ga e tlhe e pepa.
Rramatheka o feditse makolwane
makolwane a nna mo go hupeng.
Bid vir die gode van jou vaders
bid vir Kaptein Manyane en Sebogodi
en sê vir hulle dat jou stam maer is;
die beeste vrek;
die son is baie warm (die son staan stil)
die jongmeisies is onvrugbaar.
Die honger roei die jongmans uit
die jongmanne sit by die bierpotte.

Ngcongwane (p. 1) sê dat die prysgedig veral voorgedra word by familiegebruike, byvoorbeeld: geboortes, troues, die 'kroning' van kapteins, religieuse- en volksfeeste.

Voorbeelde van prysgedigte wat by bogenoemde geleenthede voorgedra is, kon nie opgespoor word nie. Dit lyk dus asof die tipe prysgedigte baie beperk raak.

Prysgedigte word deesdae voorgedra by meer 'amptelike' geleenthede, byvoorbeeld die opening van die Bophuthatswana Wetgewende Vergadering, die opening van skole, klinieke, hospitale, kantore, byvoorbeeld poskantore, magistraatskantore en onderwyskantore, in die verskillende distrikte.

Veral die President van Bophuthatswana is baie by die sake betrokke en dus word die oorgrote meerderheid van die prysgedigte aan hom gewei, soos aanstons getoon sal word.

Prysgedigte word ook voorgedra by die instelling of 'kroning' van 'n kaptein en as daar besoekende gaste kom.

Damane en Sanders (1974, p. 25) sê dat die prysdigter wat tradisioneel aan die kaptein se huishouding betrokke was, het 'n prysgedig aan die kaptein gebring, vroeg in die môre. Hy het na die kaptein se tuiste gegaan en op pad daarheen het hy al begin om sy gedig voor te dra, om sodoende nie alleen die kaptein te wek nie, maar ook almal wat binne hoorafstand was, en so verseker dat hy baie hoorders het, wat na hom luister.

President Mangope word geprys by die opening van die Bophuthatswana Wetgewende Vergadering, Bylae A no. 1.

Okomelang kwa ntle

lo bone! lo bone! semariri o etla.

O tshotse melamu o tshotse phetlane;

o tshotse le dira-ga-di-bonwe.

Loer na buite
sien, sien, die harige (een) kom aan.
Hy het kieres en 'n slaanstk;
hy het ook geheime werktuie by hom.

en uit dieselfde prysgedig-

O ne a tswetse kantoro tsa gaagwe
le biduka a di beile,
e letile kgwedi e le botshelela.
A re kgosi e tle e tshela ka rona matibogo,
ka e le ene motshêlakgabo-a-batho.
Hy het sy kantore gesluit
en sy boeke gebêre,
terwyl hy vir die sesde dag van die maand wag.
Hy sê die kaptein moet saam met ons deur die driewe gaan,
want dit is hy wat die mense berispe (vooruitgaan).

In die prysgedig in Bylae A no. 2, word President
Mangope deur die prysdigter en 'n gevolg ingewag,
vanaf 'n oorsese reis.

Erile a ile moseja maloba,
a le moseja wa lewatle le le hibidu,
bogale ba tau ba kgalema mo dithoteng.
Toe hy nou die dag oorsee was,
toe hy oorkant die Rooisee was,
was die woede van die leeu oor die heuwels hoorbaar.

Die laaste versreël verwys na die President se
toespraak oor die televisie en radio, terwyl hy oorsee was.

In Bylae A no. 6, prys die prysdigter die
President en 'n afvaardiging van Bophuthatswana wat
oorsee vertrek en lê hy woorde in die President se mond
as hy sê:

Ke amogetse lekwalo la ga Engelane maloba,
la ga Amerika ke sa le letetse.

Ba re ke ba tlotlele ka tsa Mmabatho.

Setilwane tshelela kwa moseja

o bege, o begelle ba ga moseja,

tse o setse o di bone kwano.

O re ngwana kwa Mmabatho ga a abule;

o a taboga.

Ek het nou die dag 'n brief van Engeland ontvang,

dié van Amerika wag ek nog voor.

Hulle sê dat ek hulle van Mmabatho moet vertel.

Setilwane gaan oorsee en gaan vertel

gaan vertel en verduidelik vir dié van oorsee,

dit wat jy reeds hier gesien het.

Sê vir hulle die kind by Mmabatho kruip nie;

hy hardloop al.

Dit is enkele voorbeelde van dié aard.

In Bylae A no. 25 prys die digter die kaptein met
sy instelling as kaptein.

Apara kobo ya nkwe, morwa Mankurwane.

o se ka wa e boifa,

gobane o e tsaletswe.

O godiswa ke tiro tsa gago

jaaka dikgosi tse dingwe.

Trek aan die luiperdvel, seun van Mankurwane,

moenie daarvoor bang wees nie,

want jy is daarvoor gebore.

Jy word vergroot deur jou werke

net soos die ander kapteins.

In Bylae A no. 26 prys die kunstenaar nog steeds
die kaptein by die instelling.

Motlhang wa ha re mo pega mo bogosing,
BoMoroke le BoMoleme le bone
le bone ba ne ba tsile matshediso.
Die tyd as ons hom bevestig as kaptein,
Moroke-hulle en Moleme-hulle, ook hulle
ook hulle was by die gebeurtenis.

In Bylae A no. 21 prys die kunstenaar vir
Mnr. T.M. Molatlhwa toe hy as Minister benoem word
in die Bophuthatswana Kabinet.

O moatlametlo, o matsetseleko,
o setswerere, rra Molatlhwa,
o kgathhile morafe, ka-borre!
Jy kan goed doen, jy is uitstekend,
jy is 'n kampioen, meneer Molatlhwa
jy het die volk verbly, so waar!

So kan nog vele voorbeelde genoem word. Die
prysgedig word deur die prysdigter voorgedra by alle
geleenthede waar die kaptein betrokke is, en sy
naam verhoog moet word, en hy aan die aanwesiges
voorgestel moet word.

4.4 Waarom prysgedigte voorgedra word

Von Staden (1975, p. 162) sê die rede waarom prys=
gedigte deur die prysdigter voorgedra word, is om die
eenheid en solidariteit van die stam te beklemtoon
binne die raamwerk van die dae en eienskappe van die
kaptein wat die stam as geheel simboliseer. Hiermee
hang saam die onderstropping van persoonlike lojaliteit
aan die kaptein en die werklike behoefte om hom te prys
en te vereer.

Dit kan tereg opgemerk word as gekyk word na Bylae A no. 1 waar die prysdigter na 'n hele relaas kom by die woorde:

Nna ga ke boke ke tshwaa mabaka
nka mmoka ka moso o godile,
o godile o kana ka tsiamopo;
o kana ka leokotsane.
Ek prys nie, ek noem net feite
Ek sal hom môre prys, hy is groot,
hy is groot, so groot soos 'n swerm treksprinkane;
hy is so groot soos 'n suikermier.

Ook in Bylae A no. 9, word die lojaliteit teë gekom, waar die kunstenaar die president aanspreek as:

Dumela, Lesedinyana, le le mo Batswananeng.
Dagsê, liggie, wat onder die Tswanas skyn.

en hy die gedig afsluit met die woorde:-

ka re mpha, o ntlhakanye le batho
o ntlhakanye, le Bahurutshe morafe wa ga rraago.
ek sê gee vir my, en sluit my by die ander
mense in
en sluit my in, by die Bahurutshe die stam van
u vader.

Voorts speel die prysgedig ook 'n rol in die bepaling van gedragwyses. Die prysdigter se taak is, onder meer, om die spreekbuis van die volk te wees en om hulle mening tuis te bring by die kaptein: Op subtiele wyse word druk op hom uitgeoefen om sekere gedragsreëls na te kom, of sake op 'n bepaalde wyse te hanteer, byvoorbeeld Bylae A no. 1.

Tlhwaa tsebe! kana bone
bone ne ba re o sethotho,
ba nyatsa Kgosi.
Spits jou ore! want hulle
hulle het gesê dat jy dom is,
hulle minag die kaptein.

en ook in Bylae A no. 4 word dit aangetref, waar die prysdigter sê:

Go ne go gana bo sephura-marapo
a re sebe-sebe ya lona ka ditsebe ke utlwile.
Ke diganana, dikgotlhelamotse di loga bomênê-mênê,
O thibele diganana di kgotlhelamotse.
Dit was die ongehoorsames wat geweier het
en sy het vir hulle gesê dat sy hulle gehoor skinder het.
Dis die ongehoorsames, die aanhitters wat
skelmstreke beplan.
Keer die ongehoorsames en die aanhitters.

Die prysgedig word ook voorgedra vir die geskiedenis daarin vervat, veral vir die Tswana wat eers heelwat later die skryfkuns ontwikkel het. In die prysgedig vermeld die kunstenaar dan die persoon wat hy prys se voorouers, sekere groot gebeurtenisse, grondgebied wat eers die stam s'n was en moontlik nie meer is nie. Dus word baie geskiedenis op die manier bewaar en dit bly behoue vir die nageslag. Die prysgedig sal dus 'n waardevolle bron wees van die voorgeskiedenis van 'n stam, byvoorbeeld Bylae A no. 4 bevat 'n prysgedig waarin die prysdigter geskiedenis van die negentiende eeu aanhaal.

Ke ditsitsipa diphala-fala dinkgela-batho,
tse di kileng tsa nkgela Moselekatse maloba,
motlhang go no go kobiwa Matebele.
Go le thata, go le bogalaka.
Dit is die sterk toormedisyné wat stink vir die mense.
wat nou die dag vir Silkaats gestink het,
die dag toe die Matebeles verdryf is.
Dit was moeilik, bitter en onaangenaam.

Cope (1968, p. 21) beklemtoon ook die feit dat die prysdigter die prysgedig voordra as 'n aansporing en vergoeding vir algemeen aanvaarbare standaarde, en die voordrag herinner almal teenwoordig wat die regte manier van optrede is. Die prysgedig is ook om almal wat daarna luister te herinner aan die kwaliteite en gedrag wat prysenswaardig is.

Die kwaliteite, byvoorbeeld verwag van 'n man: is fisiese perfeksie, krag, dapperheid, 'n vegtende gees en skoonheid van liggaam. Van 'n vrou is byvoorbeeld verwag: skoonheid wat berus op 'n oop gesig, breë heupe, groot borste, groot boude, ywerigheid, beskeidenheid en nederigheid.

Voorbeelde hiervan is volop in Bylae A, en slegs 'n paar sal hier aangehaal word. Bylae A no 11.

di eme hela di emetse batlhabani
tša leta Moilōa a RraMokalaka:
makolwane a matona a mabedi
a a thata-thata.
die beeste is by Mmamogwanyana;
hulle staan net vir die soldate en wag
hulle wag vir Moilōa van RraMokalaka:
twee groot jongmanne
wat baie sterk is.

Bylae A no. 4.

ka ba ka kopana le mosadi wa Kgosi
a rwele kgamelo, a e rwele, mme a tlhoka dipugo.
en toe ontmoet ek die vrou van die Kaptein
terwyl sy 'n emmer dra, maar nie drywende takkies
het nie.

en ook Bylae A no. 1.

mogolokwane wa mosadi o kwa lempheng
o o marago matona o se ke a ngala.
A tle le boloko a tle go kgopha Morena dinao
selfs die gejuig van die vrouens hou nie aan nie
sy wat groot boude het en nooit kwaad word nie.
Sy neem beesmis en reinig die President se voete.

4.5 Die prysdigter as mens

Slegs drie van die Tswana prysdigters wie se prysgedigte in die verhandeling opgeneem is, word nou van nader bekyk, omdat hulle die mees vooraanstaande is. Hulle is Jakop Mokoka en Ditlhong Dipale en Mmopi Senosi.

Vrae is aan die drie kunstenaars gestel om te probeer vasstel watter uitkyk elk van die drie oor die prysgedig het; oor sy gawe as prysdigter en ook oor algemene beskouings oor die Tswanakultuur waaruit die prysgedig ook voortvloei.

4.5.1 Mmopi Senosi

Senosi is in 1899 gebore en dus 80 jaar oud. Sy voordragmanier is besadig, en vanweë sy ouderdom is baie dele van die prysgedigte wat hy voordra, onhoorbaar.

Hy is egter nog aktief besig om verskillende kapteins asook vir President Mangope te prys by verskillende geleenthede.

Hy was getroud (sy vrou is 4 jaar gelede oorlede) en het elf kinders gehad, waarvan slegs 4 nog lewe.

Sy pa was ook 'n prysdigter en by hom het Mmopi gehoor hoe daar geprys word, en hy het ook begin om prysgedigte voor te dra. Sy pa het geen poging aangewend om hom te onderrig in die kuns nie, maar het tog sy hulp aangebied wanneer daarom gevra is. Hy het begin deur dieselfde prysgedigte as sy pa voor te dra, in sy pa se teenwoordigheid, wat hom hier en daar gehelp het en op sekere dinge gewys het, wat van belang is vir 'n prysdigter.

Mmopi het egter altyd as hy dié prysgedigte, wat hy van sy pa geleer het, voorgedra het, aangetoon dat sy pa die skepper daarvan was. Na sy pa se dood, het hy dié gebruik nie behou nie.

Op 'n vraag, of hy ander prysdigters se werke mag oorneem, en of hy dan moet aandui wie die oorspronklike outeur was, was sy antwoord nee, want volgens hom neem hy nooit 'n ander se skepping as geheel oor nie, maar neem slegs dele daaruit.

Hy redeneer ook dat die ander kunstenaars nie hulle werke aan hom geleer het nie, maar dat hy dit op sy eie oorgeneem het en dit op sy eie wyse dan weer gebruik.

Senosi wat nie kan lees of skryf nie, ken baie prysgedigte wat hy memoriseer. Hy kan 16 kapteins prys of ken die prysgedigte wat oor hulle handel, plus nog vele ander oor diere.

Hy geniet hoë aansien, nie net onder sy eie mense nie, maar selfs ver buite die grense van sy omgewing, so veel so, dat hy van heinde en verre gehaal word om sy prysgedigte voor te dra by sekere geleenthede, byvoorbeeld die opening van skole, klinieke, magistrataatskantore, troues en die instellings van kapteins. Sy grootste oomblik volgens hom was toe hy gehaal is om President Mangope te prys by die opening van die Southern Suns Hotel te Mmabatho wat 'n groot geleentheid was.

Senosi sê dat hy geen spesifieke of tradisionele klere aantrek wanneer hy besig is om te prys nie; net sy gewone draklere. Die rede is, volgens hom, dat hy dit so by sy pa gesien het en dié het hom op 'n keer by navraag gesê dat hy normaal gekleed moet gaan, omdat die bring van die kuns, 'n alledaagse verskynsel of aktiwiteit was.

Senosi kan gereken word as 'n beesboer en maak dus nie 'n lewe uit die prysgedigte wat hy voordra nie, en 'n vraag in dier voege het dit beklemtoon. Hy vra nooit beloning in sy prysgedigte nie (dit kan gesien word in sy prysgedigte in Bylae A). As die persoon wat hy geprys het, die regte gesindheid het en die Tswanatradisie ken, sal hy hom wel beloon, want die Tswana sê:

leboko le tsalwa ke kgomo
'n prysgedig word met 'n bees vergoed.

Die beloning wat hy egter ontvang, is geld en hy het, volgens hom, nooit iets anders ontvang nie.

Op 'n vraag of die persoon wat geprys word, verplig is om te betaal, was die antwoord nee, en hy as prysdigter kan nie sodanige vergoeding afdwing nie. Hy kan elk geval nie weier om so 'n persoon te prys as hy weer daarom gevra word nie.

Hy bevestig, dat in sy stam, sover sy kennis strek, daar niemand is wat hom kan opvolg as prysdigter nie. Hy reken ook nie een van sy kinders as 'n moontlike opvolger nie, en reken dat sy kuns saam met hom na die graf sal gaan. Hy het bygevoeg dat dit net die ouer mense is wat vandag nog prysgedigte kan voordra en waardeer. Die jonger geslag wil dit nie voordra of daarna luister nie.

4.5.2 Jakop Mokoka

Hy is in 1915 gebore en het skoolopleiding gehad tot standerd 2 wat toe beëindig was omdat daar nie genoeg skoolgeld was nie. Hy is getroud en het nege kinders wat almal leef, en behalwe vir die jongste wat besig is om te studeer vir sy onderwysdiploma, bekleed al die ander goeie betrekkinge.

Op 'n vraag hoekom hy 'n prysdigter is, het hy gesê dat dit eie aan die Tswana se kultuur is, en dat dit 'n kuns was wat vroeër baie algemeen beoefen is. Hy geniet hoë aansien, nie net omdat hy President Mangope se prysdigter is nie, maar omdat hy sy kultuur versier en lewendig hou.

Hy het geen opleiding as prysdigter ontvang nie. Hy beskou dit as 'n gawe wat hy ontvang het, en as die besieling daar is, dan moet hy sy kuns voorbring. Die prysgedig word nie as geheel op een slag gekomponeer nie, maar soos die tyd verloop, kom in sy gedagte, idees en beelde wat dan saamgevoeg word om 'n harmonieuse geheel te vorm.

Die gedagtes word ook nie neergeskryf nie, maar bly die kunstenaar by, en wanneer daarom gevra word, kan hy dit voortbring. Dit is 'n natuurlike reaksie en geen inspanning word geveer nie.

Hy dra spesiale kleredrag wanneer hy voordra. Dit bestaan uit diervelle wat hy om sy lyf hang, en 'n velmus wat hy op sy kop sit. In sy hande hou hy 'n kierië en die kwas van 'n beesstert. Die kleredrag is volgens hom tradisioneel en dit roep die verlede op of hou die verlede lewendig.

Gedurende die voordrag maak die kunstenaar baie bewegings om sy woorde te beklemtoon, en om krag aan sy woorde te verleen.

Soos reeds genoem is Mokoka die prysdigter wat President Mangope op 'n gereelde grondslag vereer en prys. Oral waar die President vereer moet word, word hy gehaal om dit te doen. Hy word hoog geag hieroor, selfs deur die ander prysdigters, omdat hy die uitverkorene is.

Die President is ook baie tevrede met sy voordrag, en die beelde wat hy gebruik vind inslag, soveel so, volgens die kunstenaar, roep die President hom eenkant toe, na so 'n voordrag, en dan word hy persoonlik bedank, en ook uitgevra na sekere van die beelde wat hy gebruik het.

'n Reël wat Mokoka gereeld in sy prysgedigte gebruik is:

Mphe kgomo ke bokile Morena

Gee my 'n bees ek het geprys President.

Gevra hierna, het hy gesê dat dit slegs 'n gebruik is, en hy nie werklik 'n bees verwag nie, maar slegs geld.

Hy was ook van mening dat daar niemand in sy stam is, wat dieselfde kuns kan lewer nie. Daar is nie genoeg belangstelling onder die jonger lede nie, met die gevolg dat die kuns nie beoefen word deur ander van sy stamgenote nie.

4.5.3 Ditlhong Dipale

Dipale is tans 56 jaar oud, dit wil sê, in 1923 gebore. Hy is getroud en het twee dogters. Hy is geleerd en is die skoolhoof by die Banabakae Skool in die Lehurutshedistrik.

Hy het status as 'n prysdigter omdat hy die Tswanataal so vlot kan gebruik en beelde waaraan ander nie eens dink nie, kan inspan en gebruik, asof dit iets alledaags is.

Die kunstenaar het as jong seun by die veeposte geleer om prysgedigte voor te dra. Hy het begin om die beste te prys wat hy opgepas het, asook die diere en voëls waarmee hy in die veld in aanraking gekom het. Die prysgedig in Bylae A no. 27 is 'n voorbeeld van so 'n prysgedig wat die kunstenaar reeds op 8jarige ouderdom geken het en vandag nog ken.

Dipale sê dat hy nie ander kunstenaars se kuns oorneem en as sy eie beskou nie, want die ander se prysgedigte is nie geskik vir die doel wat hy daarmee wil bereik nie. So nou en dan sal hy miskien 'n reël of twee oorneem, maar dan so verander om in sy vorm te pas dat dit byna nie gesê kan word watter reëls oorneem is en watter nie.

Dié kunstenaar dra ook tradisionele klere wanneer hy sy kuns lewer. Die klere bestaan uit die velle van wildediere wat hy om sy lyf hang, asook 'n velmus wat hy op sy kop sit. Sy verklaring is dat die "mmoki" anders is as ander mense, as hy met sy kuns besig is, en moet dus anders lyk ook om te kan uitstaan onder die mense. Hy verklaar voorts dat die kleredrag tradisioneel vir die Tswana was en dit nie meer as reg is dat die prysgedig en die gepaardgaande kleredrag uit die verlede oorgebring word na die hede nie.

Wanneer hy voordra, gaan dit gepaard met baie aksie. Hy beduie met sy kierie in die een hand en met die kwas van 'n wildebeesstert in die ander om sy woorde te benadruk, die aandag van die gehoor op hom te vestig en te behou.

Die kaptein kan volgens die prysdigter tereggewys word in die gedig. Dit kan egter nie te ver gevoer word nie, want dan kom dit neer op minagting'.

Die prysdigter is in die oë van die kaptein nie verhewe bo die ander volgelinge nie, en moet aan dieselfde reëls en wette gehoorsaam wees.

Dipale sê dat hy eers die drang moet kry voordat hy prysgedigte kan voordra, en die drang word deur omstandighede bepaal. Dit kan of blydskap en vreugde wees of woede en teleurstelling. Die bui waarin hy dan op dié tydstip is, sal weerspieël word in sy woordgebruik en stemtoon by die voordrag.

Hy aanvaar wel beloning vir sy kuns, maar vra nooit daarvoor nie, en dit wat hy ontvang, gee hy aan die minderbevoorregte kinders in sy skool. Hy dra sy kuns voor ter verheerliking van die 'hooffiguur' in die prysgedig en om die Tswanataal en -tradisie te bevorder. Hy doen dit om die gawe wat hy ontvang het, gratis aan ander te bring soos hy dit ontvang het. Ook om die gawe van hom verder te ontwikkel en uit te bou.

Die prysgeleenthede is min of meer dieselfde as die van die ander prysdigters. Wat hy egter glad nie doen nie, is om 'n vrou te prys. Omdat dit tradisioneel die held is wat geprys is, en wat die prysenswaardige daade gedoen het en die vrou se plek in die huis was, sien hy dit vandag nog so. Selfs by 'n troue waar hy 'n prysgedig lewer, sal hy net die bruidegom en die manlike gaste prys en nooit eers melding maak van die bruid en die vroulike gaste nie.

Op 'n vraag of die bruidegom dan al op so 'n jeugdige ouderdom prysenswaardige daade verrig het, was die antwoord dat die bruidegom met die vat van 'n vrou, reeds die eerste stap voltooi het wat van hom 'n held maak. Verder word die manlike familie van die bruidegom asook die manlike voorgeslagte by die prysgedig betrek en vermeld. Deels word dit ook gedoen om die bruidegom aan die aanwesiges voor te stel. Die bruidegom kry ook nou status, of anders gesê, hy gaan van een statusposisie na 'n ander, en dit alleen is al prysenswaardig.

4.5.4 Samevatting

Die prysdigters wat ter sprake was, was dit eens in baie van hulle opvattinge en idees oor die kuns wat hulle lewer.

Die prysgedig word op 'n hoë vinnige stemtoon voorgedra om die handeling wat uitgebeeld word te weerspieël en om deur die mense gehoor te word.

Daar is ook sekere geleenthede waar die prysgedigte voorgedra word, maar dit word veral gedoen ter ere van die kaptein of 'n hooggeplaasde politieke figuur.

Die prysgedig het definitief dieperliggende betekenis ook, en alleen 'n Tswana sal sulke betekenis ten volle kan verstaan en waardeer. Baie van die gevalle wat waarskuwings, vermanings, die aantoon van die korrekte gedrag inhou, word goed bedoel en word spesifiek in die prysgedig ingesluit om die Tswana samelewing op te bou en te waak teen verval.

Beloning kan gevra word of verswyg word, maar dit is tradisie dat die prysdigter wel vir sy prysgedig vergoed word. Die tradisionele beloning was 'n bees geweest. Dit word trouens vandag nog gevra, maar beloning is deesdae kontant. Die persoon wat geprys word, stel die prysuiting hoog op prys en toon dan sy dankbaarheid deur te betaal.

Die prysdigter het nog 'n groot rol om te vervul in die moderne tyd. Hulle word hoog geag vir die kuns wat hulle bring. Die kunstenaars word gehaal om die kuns van hulle te bring wat wys dat die kuns gesog is.

Hulle is almal bejaarde manne, en volgens hulle, is daar niemand, in hulle onderskeie stangebiede, wat die kuns na hulle sal bly voortdra nie. Dit word deur hulle beklemtoon dat dit die kuns van die ou mense is, en die jonger geslag stel nie meer belang om prysgedigte te komponeer of voor te dra nie.

Die prysgedigte is nie meer so roemryk soos weleer nie, aangesien die prysenswaardige dade ook nie meer gedoen word nie. Behalwe wat President Mangope aanbetref, wat op 'n heel ander terrein baanbrekerswerk doen met sy besoeke oorsee, reise per vliegtuig, sy verskyning oor televisie, sy politieke optredes ens.

Die prysdigter kan nie 'gemaak' word nie; 'n mens beskik oor die gawe of nie. Prysgedigte kan ook nie aan iemand anders geleer word nie, want elke persoon het sy eie aanvoeling, en as jy dit nie het om die tipe kuns te lewer nie, is dit nodeloos om te probeer.

Nie een van hulle skryf die prysgedigte neer nie. Hulle onthou die reëls en strofes net so, want sê hulle, dit is 'n gawe wat jy ontvang, en as jy die gawe het, is die onthou van 'n honderd plus reëls nie moeilik nie. Dit is vir hulle 'n plesier om voor te dra en die kaptein te vereer, maar veral om hulle kultuur sterk en lewendig te hou met die kuns wat die Swartman reken as synde die hoogwatermerk van sy tradisionele poësie te wees.